

# **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

## **Graad 8**

**By:**  
**Siyavula Uploaders**



# **Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

## **Graad 8**

**By:**  
**Siyavula Uploaders**

**Online:**  
 [< http://cnx.org/content/col11039/1.1/ >](http://cnx.org/content/col11039/1.1/)

**C O N N E X I O N S**

Rice University, Houston, Texas

This selection and arrangement of content as a collection is copyrighted by Siyavula Uploaders. It is licensed under the Creative Commons Attribution 3.0 license (<http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>).

Collection structure revised: September 11, 2009

PDF generated: October 28, 2012

For copyright and attribution information for the modules contained in this collection, see p. 75.

## Table of Contents

### 1 Kwartaal 1

1.1	Die historiese ontwikkeling van geld .....	1
1.2	Handels- en ekonomiese probleem .....	6
1.3	Ekonomiese stelsels .....	11
1.4	Vakbonde .....	14
1.5	Inflasie .....	16

### 2 Kwartaal 2

2.1	Aanloop tot die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram .....	21
2.2	Die nasionale begroting, groei en ekonomiese ongelykhede .....	25
2.3	Besparing en investering .....	27
2.4	Gebruik van tegnologie .....	30

### 3 Kwartaal 3

3.1	Bates, laste en eienaarsbelang .....	33
3.2	Leierskap en bestuurstrategiee om wins te verseker .....	37
3.3	Voltooiing van brondokumente .....	40
3.4	Die netto waarde van die onderneming en die rekeningkundige vergelyking .....	55
3.5	Besparingsmetodes en berekening van opbrengs .....	59

### 4 Kwartaal 4

4.1	Wat in 'n entrepreneur? .....	63
4.2	Waar kom 'n besigheidsidee vandaan? .....	66
4.3	Hoe lewensvatbaar is my besigheid? .....	68
4.4	Hoe finansier ek my besigheid? .....	72

Attributions .....	75
--------------------	----



# Chapter 1

## Kwartaal 1

### 1.1 Die historiese ontwikkeling van geld<sup>1</sup>

#### 1.1.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 1.1.2 Graad 8

#### 1.1.3 DIE EKONOMIESE SIKLUS

#### 1.1.4 Module 1

#### 1.1.5 DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN GELD

##### DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN GELD

- BY VOLTOOIING VAN HIERDIE AFDELING SAL JY DIE HISTORIESE ONTWIKKELING VAN GELD EN DIE ROL WAT DIT IN GEMEENSKAPPE EN HUL EKONOMIEË SPEEL, KAN BESKRYF.

Die ekonomiese lewe van volkere toon duidelike fases van ontwikkeling, waarvan die SELFVOORSIENENDE STADIUM altyd die EERSTE ontwikkelingsfase verteenwoordig. Tydens die selfvoorsienend stadium is 'n BESTAANSEKONOMIE, waar elke gesin / persoon slegs genoeg produseer om in sy eie behoeftes te voorsien, die kenmerkende eienskap. Die gesin / individu het PRIMITIEWE LANDBOU beoefen waar slegs vir eie behoeftes geproduseer is. Gedurende die selfvoorsienend stadium van ekonomiese ontwikkeling was nóg ruilhandel, nóg 'n ruilmiddel noodsaaklik, want daar is GEEN OORSKOT geproduseer nie. Die ekonomie / gesin het dus GEEN BEHOEFTE AAN 'n ruilmiddel of GELD, soos ons dit ken, gehad nie.

Aktiwiteit 1

	LU 1.1			

Table 1.1

##### BESTAANSEKONOMIE

Jul groep is die enigste oorlewende passasiers van 'n vliegtuig wat iewers op 'n verlate eiland neergestort het. Nadat julle jul bewussyn herwin het, vind julle uit dat die wrak van die vliegtuig in 'n ontploffing na

<sup>1</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24950/1.1/>>.

die ramp totaal verwoes is. Julle groepie is ongedeerd en moet nou staatmaak op jul eie vindingrykheid om aan die lewe te bly. Dit is 'n klein eilandjie en die reëerval is redelik hoog.

- HOE SAL JULLE TE WERK GAAN OM IN JUL EIE BEHOEFTES TER WILLE VAN OORLEWING TE VOORSIEN? (Wenk: Begin deur te bepaal wat jul onmiddellike behoeftes sal wees). (Voorsien 'n kort geskrewe voorlegging.)

Probeer nou om te identifiseer watter eienskappe aan so 'n situasie van selfvoorsiening in ekonomiese verband gekoppel is.

Tydens die daaropvolgende fase van ekonomiese ontwikkeling, wat gekenmerk word deur SPESIALISASIE, SURPLUSSE EN RUIL, het gemeenskappe / gesinne sodanig geproduseer dat hulle hul oorskotproduksie kon verruil vir ander produkte waaraan hulle 'n behoefte gehad het.

#### VOORBEELD:

- Omdat Jan bedrewé was in die produksie van kledingstukke (wat uit die velle van diere gemaak is), kon hy hom daarop toespits (d.w.s. in die produksie daarvan SPESALISEER) en sy oorskot (of SURPLUS) kledingstukke dan RUIL vir Piet se SURPLUS van meel en verwante koringsproduktes. Op hierdie wyse het die eerste MARK ontstaan waar KOPERS en VERKOPERS mekaar "ontmoet" en hul SURPLUSSE uitgeruil het.

#### Aktiwiteit 2

		LU 1.1		

Table 1.2

#### SPESIALISASIE

##### SELF:

Gebruik 'n aantal velle harde papier of karton en ontwerp en bou 'n huis volgens jou eie beplanning.

#### Aktiwiteit 3

		LU 1.1		

Table 1.3

#### SPESIALISASIE EN ARBEIDSVERDELING

##### GROEP:

Gebruik 'n aantal velle harde papier of karton en ontwerp en bou 'n huis volgens jul eie beplanning. In hierdie geval moet die beplanning en bou van die verskillende komponente van die huis onder die lede van die groep verdeel word, byvoorbeeld een is verantwoordelik vir die dak, 'n ander vir die mure, 'n ander vir die raamwerk, ens. (Nota: Uiteindelik moet die verskillende dele saamgevoeg word om die geheel te vorm.)

##### GROEP:

Maak nou 'n lys van die voordele en nadele van spesialisasie, soos wat uit die tweede groepwerk geblyk het.

Ten einde vir RUILHANDEL voorsiening te maak, was dit dus noodsaaklik dat die volgende tekortkominge verreken moes word:

- Iemand moes gevind word wat binne die “dubbele ooreenstemming van behoefté” kon pas;
- Daar moes genoeg produkte vir die ruil beskikbaar wees;
- Die produkte moes maklik deelbaar wees;
- Die produkte moes redelik maklik vervoerbaar wees; en
- Daar moes ‘n standaardeenheid gevind word waarin die waarde van die verskillende produkte uitgedruk kan word.

Die probleem wat met bogenoemde ruilhandel gepaard gegaan het, het mense na ‘n middel wat almal in ruil vir hul produkte sou aanvaar, laat soek. Enigets wat in algemene gebruik was en algemeen aanvaarbaar was, kon as RUILMIDDEL gebruik word.

In die mens se soeke na sodanige RUILMIDDELS kan ons die volgende ontwikkelingstadiums identifiseer:  
Die eerste fase:

Een produk is vir ‘n ander produk verruil, sonder die tussenkom van “geld” of ‘n “derde produk”, met ander woorde een stel kledingstukke is vir een sak koring verruil. Hierdie ruilverhouding het dus later die norm geword:

- Een stel kledingstukke = Een sak koring

Die tweede fase:

In dié fase is ‘n “derde iets” gebruik in terme waarvan die waarde van alle goedere uitgedruk kon word. Sodanige “derde iets /artikel” was normaalweg ‘n produk wat as waardevol binne sekere gemeenskappe gereken is, byvoorbeeld ‘n skaap of skape, wat aanduidend van ‘n persoon se rykdom was. Ruiltransaksies is dus aangegaan in verhouding tot die waarde van ‘n skaap of ‘n aantal skape, byvoorbeeld:

- Twee stelle kledingstukke = Een skaap = Twee sakke koring

Die derde fase:

In hierdie stadium het die behoefté aan ‘n ruilmiddel wat steeds algemeen aanvaarbaar was, maar wat terselfdertyd ook die tekortkominge soos hierbo genoem, te bowe kon kom, na vore getree. Sekere metale wat in daardie tyd as “kosbaar” beskou is, soos onder andere koper, silwer en goud, was besonder gesik om in die verband te gebruik en om algemeen as ruilmiddel aanvaar te kon word. In terme van ons voorbeeld, kan die volgende dus gestel word:

- Een stel kledingstukke = Een ons silwer = Een sak koring

Die vierde fase:

Weens die gevare daarvan verbonde om die “kosbare metale” oor lang afstande saam te neem wanneer met verafgeleë gebiede handel gedryf is, het die gebruik toe ontstaan om die metale by erkende goudsmede in te lewer en dan ‘n erkenningbewys (goudsertifikaat) ten opsigte van jou deposito te verkry. Hierna het dit gebruik geword om slegs die sertifikate by ‘n ruiltransaksie as bewys voor te lê. Die volgende ontwikkeling was dat die goudsmede later bewyse in verskillende denominasies uitgereik het, wat met verloop van tyd die algemeen aanvaarde ruilmiddel geword het.

Die vyfde fase:

Toe die goudsmede agterkom dat goud of silwer nie so dikwels vir die goudbewyse opgevra word nie, het hulle begin om meer goudbewyse (papiergele) as wat daar goud in hul kluisse was, uit te reik. Dit was die begin van ons moderne papiergele.

Die sesde fase:

Die mees onlangse ontwikkeling, benewens die druk van note en die aammunt van munsgeld, is die gebruik van die tjek en ook krediet. Bedrae word by ‘n bank op ‘n lopende rekening inbetaal en die houer van die rekening kan ‘n tjek uitskryf en dit as betaling aanbied. Die ontvanger van die tjek kan die bedrag by die bank op sy eie rekening inbetaal of dit in kontant onttrek. Op hierdie wyse het die tjek al die funksies van geld vervul.

Opsommend kan die historiese ontwikkeling van geld in vier ontwikkelingsfases beskou word:

- ONTWIKKELING VAN GOEDEREGELD toe daar in die primitiewe gemeenskappe weens die selfvoorsienendheid van hul bestaan, geen behoefte aan geld was nie.
- DIE ONTWIKKELING VAN METAALGELD (MUNTGELD) wat makliker hanteerbaar, makliker herkenbaar en meer konstant in waarde was, en sodoende 'n verbetering in die ruilhandel meegebring het.
- DIE ONTWIKKELING VAN PAPIERGELD omdat metaalgeld te duur, te omslagtig en te onveilig was om alleen as geld diens te doen.
- DIE ONTWIKKELING VAN TJEKS EN TJEKDEPOSITO'S wat tans die grondslag vorm van ruil- en betalingstransaksies in die moderne ekonomie.

Die ontwikkeling van geld duur steeds voort en daar word tans al meer beweeg in die rigting van 'n "kontantlose" gemeenskap, waar daar meer en meer van alle vorme van kredietkaarte en "elektroniese" oorplasings vir binnelandse sowel as buitelandse vereffeningen, gebruik gemaak word.

Aktiwiteit 4

	LU 1.1			

Table 1.4

#### ONTWIKKELING VAN GELD

##### SELF

Maak 'n lys van al die vorme van geld en geld-geassosieerde middels wat tans in Suid-Afrika gebruik word.

Aktiwiteit 5

	LU 1.1			

Table 1.5

#### ONTWIKKELING VAN GELD

##### GROEP:

Verdeel die "geld" wat elkeen in die groep geïdentifiseer het, volgens die volgende indeling:

- GELD
- GELD-GEASSOSIEERDE BETAALMIDDEL

Aktiwiteit 6

	LU 1.1			

Table 1.6

## FUNKSIES VAN GELD IN DIE EKONOMIE

### GROEP:

Bepaal of lei nou uit die voorgaande af watter funksies daar binne die ekonomie aan geld geheg kan word. Verskaf voorbeeld van elk.

Aktiwiteit 7

		LU 1.1		

**Table 1.7**

## ROL VAN KREDIETKAARTE

### GROEP:

Maak 'n lys van al die verskillende vorme van kredietkaarte waarvan julle bewus is.

### 1.1.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
DIE EKONOMIESE KRINGLOOP Die leerder sal in staat wees om kennis en begrip van die ekonomiese siklus binne die konteks van 'die ekonomiese' probleem te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 1.1 die historiese ontwikkeling van geld en die rol daarvan in samelewings en hul ekonomiese kan beskryf;</li> <li>• 1.2 die wyse kan bespreek waarop handel (invoer en uitvoer) die ekonomiese probleem (keuse- en geleentheidskoste) aanspreek, asook die rol van banke in belegging in die ekonomie;</li> <li>• 1.3 kan verduidelik hoe verskillende ekonomiese sisteme die ekonomiese probleem aanspreek (bv beplande, mark- en gemengde ekonomiese);</li> <li>• 1.4 die rol, regte en verantwoordelikhede van vakbonde kan bespreek; (en)</li> <li>• 1.5 kan verduidelik wat inflasie is en redes vir veranderinge in die inflasiekoste kan bespreek.</li> </ul>

**Table 1.8**

## 1.2 Handels- en ekonomiese probleem<sup>2</sup>

### 1.2.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 1.2.2 Graad 8

#### 1.2.3 DIE EKONOMIESE SIKLUS

#### 1.2.4 Module 2

#### 1.2.5 HANDEL EN EKONOMIESE PROBLEEM

- BY VOLTOOIING VAN HIERDIE AFDELING SAL JY KAN AANDUI HOE HANDEL (INVOERE EN UITVOERE) DIE EKONOMIESE PROBLEEM (KEUSE EN GELEENTHEIDSKOSTE) AANSPREEK, ASOOK WAT DIE ROL VAN BANKE IS TEN EINDE INVESTERING IN DIE EKONOMIE AAN TE MOEDIG.

#### DIE KERNVRAAGSTUK VAN DIE EKONOMIE:

Die mees basiese kenmerk van ekonomiese bestaan is die “VEELHEID VAN MENSLIKE BEHOEFTES en daarteenoor die SKAARSHEID VAN MIDDELE om die behoeftes mee te bevredig”. Ten spyte van groot tegnologiese en wetenskaplike vooruitgang oor die afgelope dekades wat tot ‘n aansienlike toename in produksie aanleiding gegee het, is die mens se BEHOEFTES nog steeds GROTER as die MIDDELE om daardie behoeftes te bevredig. Omdat daar altyd behoeftes is wat onbevredig sal bly, moet die mens dus voortdurend KEUSES MAAK oor watter behoeftes om te bevredig en watter om onbevredig te laat. Vergelyk jou eie situasie met betrekking tot jou sakgeld: Jou sakgeld laat jou beslis nie toe om alles te koop wat jy graag wil hê nie. En daarom sal jy deurlopend tussen verskeie alternatiewe moet KIES om jou behoefte / begeerte na die beste te bevredig. Net so moet die sakeman, die owerheid en elke private individu elke dag ‘n veelheid van keuses maak ten einde daardie keuse te maak wat DIE MEESTE BEVREDIGING (maksimum behoeftebevrediging) sal gee.

Aktiwiteit 1


Table 1.9

#### BEHOEFTES

Stel ‘n lys op van die dinge waaraan jy nou en ook in die toekoms ‘n behoefte sal ondervind.

Aktiwiteit 2


Table 1.10

#### INDELING VAN BEHOEFTES

Vergelyk die lys van behoeftes van die verskillende lede in jul groep en skryf dit onder die volgende hofies in:

<sup>2</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24952/1.1/>>.

- Natuurlike
- Noodsaaklike
- Luukse
- Beskerming
- Kulturele
- Geestelike

Lei nou hieruit af die VIER / VYF mees basiese behoeftes van die mens, met ander woorde die behoeftes waaronder die mens nie sal kan bestaan nie. Gee voorbeeld van elk.

- Uit bogenoemde is dit duidelik dat mense / ondernemings nie al hul behoeftes kan bevredig nie. Om een behoefte te bevredig, beteken dat 'n ander behoefte of behoeftes onbevredig sal moet bly, of opgeoffer moet word. Die OPOFFERING WAT GEMAAK WORD, illustreer die beginsel van GELEENTHEIDSKOSTE, met ander woorde, "die keuse wat jy gemaak het vir jou groter behoeftebevrediging / bruikbaarheid vergeleke met die bevrediging wat jy sou gekry het indien jy eerder die ander produk sou gekies het". In ekonomiese terme word die behoeftebevrediging/ bruikbaarheid wat uit die gebruik van 'n produk verkry word, die NUT of nuttigheidswaarde wat daardie spesifieke produk verskaf, genoem. Dit beteken dus dat die nut wat opgeoffer is deur die produk nie te kies nie, moet vir jou altyd kleiner wees as die nut van die produk wat wel gekies is. "Die nuttigheidswaarde (of koste) van jou behoeftebevrediging is daarom altyd gelyk aan die nuttigheidswaarde (of koste) van die produk wat jy opgeoffer het". Dit staan bekend as GELEENTHEIDSKOSTE.

### Aktiwiteit 3

		LU 1.2		

Table 1.11

### GELEENTHEIDSKOSTE

Indien jy as 'n eenmalige geskenk 'n keuse tussen die volgende produkte moet maak, watter een van die produkte sal jy in elke geval kies? (Met ander woorde watter produk verkieës jy waaronder jy kan klaarkom, gegewe jou behoeftes op hierdie stadium?)

1. 'n Selfoon of 'n Walkman?
2. 'n Fiets of 'n stel TV-speletjies?
3. 'n Vakansie by die see of 'n 4 x 4-toer?
4. Nike draskoene of Levi-jeans van jou keuse?

Verskaf 'n rede of redes waarom jy in elke geval die spesifieke produk bo die ander een verkieës het.

- In 'n vorige paragraaf is aangedui dat vanaf die selfvoorsienend stadium van ekonomiese ontwikkeling beweeg word na die fase van SPESIALISASIE, SURPLUSSE EN RUIL. Soos wat gemeenskappe meer en meer ontwikkeld geword het, het hul behoeftes in omvang, maar ook in gesofistikeerdheid begin toeneem. Byvoorbeeld: Die behoefte aan voeding is tans nie net meer beperk tot die eet van vleis in sy eenvoudigste vorm nie, maar ons kan vandag kies uit 'n wye verskeidenheid, waaronder frankfurters, polonies en hamskywe en vele ander nasionale en internasionale spesialiteitsprodukte. Die uitbreiding in die behoeftes van die mens het groter geleenthede vir gespesialiseerde produksie geskep wat op sy beurt weer geleenthede vir ruil en gevolglik handel oor 'n breë spektrum bewerkstellig het.

### Aktiwiteit 4

	LU 1.2			

**Table 1.12****UITBREIDING VAN BEHOEFTES**

Verwys na die behoeftes wat hieronder genoem word en dui aan hoedat die verskeidenheid en gesofistiekeerdheid van die produkte verander het van vroeër tot vandag.

Behoefte aan:		VROEËR	VANDAG
VOEDING:	Opgekookte	Rys	
		Vleis	
		Aartappels	
		Groente	
KLEDING:	Tuisgemaakte	Klere	
		Skoene	
BEHUISING:	Eenvoudige woning op een vlak		

**Table 1.13**

Soos wat vervoer en kommunikasie verbeter, kan produkte versprei word na waar daar 'n behoefte aan die produkte bestaan. Kommunikasie tussen produsente en handelaars lei daartoe dat handelstransaksies binnelandse sowel as buitelandse gesluit word. Vinnige vervoer per lug, pad, spoor en see sorg dat die produkte sonder onnodige vertragings die eindverbruiker betyds en in goeie toestand kan bereik. Vergelyk die bemerkings van vars produkte, maar ook ander gespesialiseerde artikels.

Aktiwiteit 5

	LU 1.2			

**Table 1.14****KOMMUNIKASIE**

Stel 'n lys saam van organisasies en / of instellings wat vir kommunikasieverbindings binnelandse sowel as internasionaal, verantwoordelik is.

Aktiwiteit 6

	LU 1.2			

**Table 1.15**

## VERVOER

Verskaf die name van organisasies / instellings wat vir die vervoer en verspreiding van goedere binnelands sowel as internasionaal, verantwoordelik is. Vergelyk onderling nadat elkeen se lysies voltooi is.

- Per pad
  - Per spoor
  - Per lug
  - Per see
- Wanneer 'n land soos Suid-Afrika sy produkte aan ander lande verkoop, staan dit bekend as UITVOER, en wanneer Suid-Afrika goedere vanaf die buiteland aankoop, word dit INVOER genoem. SUID-AFRIKA SE UITVOERE bestaan hoofsaaklik uit primêre produkte soos mynbouprodukte, waaronder goud, diamante, platina, mangaan, chroom, steenkool, ystererts en asbes, sowel as landbouprodukte soos wol, suiker, velle en vrugte. SUID-AFRIKA SE INVOERE bestaan hoofsaaklik uit kapitaalgoedere en masjinerie, sowel as rekenaars en elektroniese produkte. Met die geld wat Suid-Afrika uit sy uitvoere verdien, kan daar betaal word vir die produkte wat ingevoer is, en in die proses word in die talryke behoeftes van Suid-Afrikaners voorsien.

Aktiwiteit 7

	LU 1.2			

**Table 1.16**

## INVOER EN UITVOER

Stel 'n lys saam van produkte wat Suid-Afrika invoer en uitvoer. Gee ook 'n aanduiding waarvandaan die invoere kom, en waarheen die uitvoere versend word.

- Uit bogenoemde is dit duidelik dat geen ruiltransaksies of handelsooreenkomste aangegaan kan word indien daar nie genoegsame produksie is nie. Goedere moet deur die fabrieke of nywerhede geproduseer word en daarna kan die verspreiding daarvan plaasvind, hetsy binnelands of buitelands. Nywerhede benodig groot hoeveelhede geld of kapitaal om met produksiebedrywighede te kan begin en is dit onwaarskynlik dat 'n nyweraar of entrepreneur genoeg kapitaal op sy eie kan byeenbring om so 'n groot onderneming te begin. Die entrepreneur kan by die bank 'n lening aangaan vir die begin van sy produksiebedrywighede. Om sodanige fondse beskikbaar te kan stel, sal die bank van die fondse wat ander kliënte of beleggers by die bank belê het, moet gebruik. Om sodanige fondse beskikbaar te kan stel, sal die bank van die fondse wat ander kliënte of beleggers by die bank belê het, moet gebruik. Vir die bank om sodanige fondse beskikbaar te stel, sal hulle van die fondse wat ander kliënte of beleggers by die bank belê het, moet gebruik maak. Die geld kan hulle dan teen 'n bepaalde rentekoers vir 'n ooreengekome termyn aan die entrepreneur beskikbaar stel. In ekonomiese terme sê ons dus dat die fondse wat op so 'n wyse gebruik of aangewend word, 'n INVESTERING verteenwoordig, met ander woorde "*geld wat beskikbaar gestel word om verdere produksie moontlik te maak*". Wat ons egter moet onthou, is dat die fondse / kapitaal alleen beskikbaar gemaak kan word indien daar ander beleggers was wat bereid was om hul SPAARGELD (of BESPARINGS) by die bank te deponeer. Die bank is dus die middelman wat die investering kan faciliteer.

Aktiwiteit 8

	LU 1.2			

**Table 1.17****BESPARINGS**

Raadpleeg 'n bank of ander finansiële instelling om uit te vind watter fasiliteite hulle het om spaargeld van die publiek te lok.

- FINANSIËLE INSTELLING(S)
- FASILITEITE

**1.2.6 Assessering**

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
DIE EKONOMIESE KRINGLOOP Die leerder sal in staat wees om kennis en begrip van die ekonomiese siklus binne die konteks van 'die ekonomiese' probleem te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 1.1 die historiese ontwikkeling van geld en die rol daarvan in samelewings en hul ekonomieë kan beskryf;</li> <li>• 1.2 die wyse kan bespreek waarop handel (invoer en uitvoer) die ekonomiese probleem (keuse- en geleentheidskoste) aanspreek, asook die rol van banke in belegging in die ekonomie;</li> <li>• 1.3 kan verduidelik hoe verskillende ekonomiese sisteme die ekonomiese probleem aanspreek (bv beplande, mark- en gemengde ekonomieë);</li> <li>• 1.4 die rol, regte en verantwoordelikhede van vakbonde kan bespreek; (en)</li> <li>• 1.5 kan verduidelik wat inflasie is en redes vir veranderinge in die inflasiekoerse kan bespreek.</li> </ul>

**Table 1.18**

## 1.3 Ekonomiese stelsels<sup>3</sup>

### 1.3.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 1.3.2 Graad 8

#### 1.3.3 DIE EKONOMIESE SIKLUS

#### 1.3.4 Module 3

#### 1.3.5 EKONOMIESE STELSELS

- BY VOLTOOING VAN HIERDIE AFDELING SAL JY KAN VERDUIDELIK HOE VERSKILLENDE EKONOMIESE STELSELS DIE EKONOMIESE PROBLEEM AANSPREEK. (Byvoorbeeld die beplande-, markgerigte en gemengde ekonomie.)

Die kernvraagstuk wat deur die mensdom in hul alledaagse bestaan opgelos moet word, is om hul BEHOEFTES TE BEVREDIG met die SKAARS MIDDELE tot hul beskikking, met ander woorde hoe moet die skaars hulpbronne aangewend word om so veel as moontlik behoeftes te kan bevredig. In die proses moet deurlopend antwoorde gevind word op die volgende vrae:

- WAT moet geproduseer word?
- HOE moet daar geproduseer word?
- VIR WIE moet daar geproduseer word?
- Omdat verskillende lande (volke) van mekaar verskil ten opsigte van gewoontes, smake, kultuur en voorkeure, is dit onwaarskynlik dat alle volke in die aanwending van hul bronne op dieselfde wyse sal reageer, op die vrae hierbo genoem, ten einde hul behoeftes te bevredig. So byvoorbeeld is sekere volke meer geneig om hul besittings met mekaar te deel tot almal se voordeel, terwyl daar in ander volke weer diegene is wat "mag" en "rykdom" selfsugtig vir hulself wil toe-eien, ongeag wat met die res gebeur. Die wyse waarop mense in hul denke en optrede gelei word, sal bepaal hoe die antwoorde op die vrae hierbo gevind sal word. So word 'n bepaalde EKONOMIESE STELSEL dan ontwikkel wat bepaalde antwoorde vir die verloop van die ekonomiese proses moet verskaf.

'n EKONOMIESE STELSEL behels dus dat daar sekere instellings of reëls is wat die prosesse van produksie, verbruik en verspreiding reguleer, en dat in die verloop / ontplooiing van die proses kenmerkende eienskappe ontstaan wat die verskillende STELSELS van mekaar onderskei. Ten einde die EKONOMIESE STELSELS van mekaar te onderskei, moet daar op die volgende ONDERSKEIDENDE EIENSKAPPE antwoorde verskaf word:

- Hoe of deur wie word die besluite geneem?
- Wat is die aansporing of dryfkrag agter die neem van die besluite?
- Hoe is die besitreg met betrekking tot die hulpbronne vir produksie gereël?
- Hoe of deur wie word die aktiwiteite van die produsente en verbruikers gereël?

Op grond van bogenoemde kan die volgende TWEE ekonomiese stelsels onderskei word:

MARKGERIGTE STELSEL (KAPITALISME)	BEPLANTE STELSEL (KOMMUNISME)(Verwys na bestaande)
<i>continued on next page</i>	

<sup>3</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24953/1.1/>>.

A. Besluite deur private individue geneem.	Besluite geneem volgens sentrale plan van owerheid.
A. ‘n Strewe na die hoogs moontlike wins.’	‘n Strewe na die beste belang vir die gemeenskap.
A. Private besit van produktiewe bronne.	Gesamentlike besit van produktiewe bronne.
D. Aktiwiteite gereël deur vraag en aanbod.	Aktiwiteite gereël deur sentrale beplanners.

**Table 1.19**

Aktiwiteit 1

	LU 1.3			

**Table 1.20****KAPITALISME / KOMMUNISME**

Verduidelik jou groep se mening oor die betekenis van punte A - D met betrekking tot die praktiese situasie wat deur die ekonomiese struktuur in ‘n land meegebring word.

DIENS	WIE VOORSIEN / BEPLAN	INSTANSIE(S)
Telekommunikasie		
Vervoer		
Elektrisiteit		
Wapentuig		
Watertoevoer		
Sanitasie, riool- en vullisverwydering		

**Table 1.21**

- In die KAPITALISME, wat ook as die VRYEMARKSTELSEL bekend staan, val die klem op private besit van eiendom, afhanklikheid van die werking van die markmeganisme (vraag en aanbod), sowel as die beginsel van eiebelang en die voortdurende soeke na wins. In die KOMMUNISME, wat ook as die SENTRAAL-BEPLANE STELSEL bekend staan, val die klem op staatsbesit van produksiemiddele en die afhanklikheid van ‘n sentrale plan van die owerheid. Laasgenoemde stelsel is daarop gerig dat die belang van die gemeenskap swaarder moet weeg as die belang van die individu en dat produksie en verbruik eerder op gelyke verspreiding van goedere as op wins ingestel behoort te wees.

- Op hierdie stadium moet egter gemeld word dat bogenoemde ekonomiese stelsels in hul “suiwer” vorm nêrens in die wêreld voorkom nie. Meesal word gevind dat lande hul ekonomiese in twee sektore verdeel, naamlik sekere beslissings word aan die markmeganisme oorgelaat en ander aan sentrale beplanning. So kan die beste uit die twee stelsels dus benut word. Wanneer die twee stelsels so saam gebruik word, staan dit bekend as ‘n GEMENGDE EKONOMIESE STELSEL. In Suid-Afrika het ons ook ‘n gemengde ekonomiese stelsel, waar sommige ekonomiese funksies deur private individue (private sektor) verrig word en ander funksies deur die staat en ander owerhede (die openbare sektor).

## Aktiwiteit 2

	LU 1.3			

**Table 1.22**

### GEMENGDE EKONOMIESE STELSEL VAN SUID-AFRIKA

Dui in die tabel aan watter van die onderstaande funksies in die Suid-Afrikaanse ekonomie deur die private sektor voorsien word en watter deur die sentrale owerheid. Dui ook aan wat die instansies genoem word wat die dienste voorsien.

DIENS	WIE VOORSIEN / BEPLAN	INSTANSIE(S)
Telekommunikasie		
Vervoer		
Elektrisiteit		
Wapentuig		
Watertoevoer		
Sanitasie, riool- en vullisverwydering		
Mediese dienste		
Veiligheidsdienste		

**Table 1.23**

### 1.3.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
<i>continued on next page</i>

LU 1
DIE EKONOMIESE KRINGLOOP Die leerder sal in staat wees om kennis en begrip van die ekonomiese siklus binne die konteks van ‘die ekonomiese’ probleem te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 1.1 die historiese ontwikkeling van geld en die rol daarvan in samelewings en hul ekonomieë kan beskryf;</li> <li>• 1.2 die wyse kan bespreek waarop handel (invoer en uitvoer) die ekonomiese probleem (keuse- en geleentheidskoste) aanspreek, asook die rol van banke in belegging in die ekonomie;</li> <li>• 1.3 kan verduidelik hoe verskillende ekonomiese sisteme die ekonomiese probleem aanspreek (bv beplande, mark- en gemengde ekonomieë);</li> <li>• 1.4 die rol, regte en verantwoordelikhede van vakbonde kan bespreek; (en)</li> <li>• 1.5 kan verduidelik wat inflasie is en redes vir veranderinge in die inflasiekoste kan bespreek.</li> </ul>

Table 1.24

## 1.4 Vakbonde<sup>4</sup>

### 1.4.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

### 1.4.2 Graad 8

### 1.4.3 DIE EKONOMIESE SIKLUS

### 1.4.4 Module 4

### 1.4.5 VAKBONDE

Wat is ‘n vakbond?

- ‘n Vakbond is ‘n “vereniging van werknelmers met gemeenskaplike belang wat hulself in ‘n organisasie saamvoeg ten einde hul belang te behou deur gesamentlike onderhandelings met hul werkgewers, te beskerm en te bevorder”. Die proses van onderhandeling tussen ‘n vakbond en ‘n werkewer, of ‘n werkewersorganisasie, staan bekend as BEDINGING. Om lid van ‘n vakbond te kan word, moet elke lid ledegeld betaal. Die bedrag van die ledegeld hang af van die voorskrifte van die vakbond, asook die grootte van die salaris of loon van die werknelmer.

Die lede van ‘n vakbond wat in dieselfde werkplek werk of in dieselfde omgewing woon, vorm ‘n plaaslike tak van die vakbond. Elke tak verkies sy eie vakbondverteenvoerdiger, wat dan as hul segsman optree. Die persoon wat sodanig verkies is, staan bekend as ‘n verteenwoordiger (of “shop steward”). Die lede van groot vakbonde verkies ook streeksverteenvoerdigers en ‘n nasionale bestuurskomitee - ‘n komitee wat namens sy lede optree. Die nasionale bestuurskomitee word gewoonlik op die jaarlikse konferensie van die vakbond, waar die afgevaardigdes van alle takke teenwoordig is, verkies.

Vakbonde is daarop ingestel om die belangte van die werker te beskerm. In enige werksituasie kan probleme van tyd tot tyd ontstaan. Onder sulke omstandighede soek die werknelmer iemand om sy belangte te behartig

<sup>4</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24959/1.1/>>.

of sy saak te stel. ‘n Vakbond bied aan sy lede regadvies, sowel as iemand wat die werknemer se saak kan stel, namens alle werkers kan optree en wie die steun het van ‘n nasionale organisasie.

Wat kan die werknemer van sy vakbond verwag?

- Om onderhandelinge met die werkgever te voer oor vergoeding, werksure en vakansiedae, oor die wyse van vergoeding, oor toelaes, oortydbetalings en oor aftrede en pensioenvoordele.
- Om die werknemer te verteenwoordig in onderhandelinge wanneer daar ernstige probleme by die werk ontstaan. Byvoorbeeld wanneer die werknemer meen dat hy onregverdig behandel is, onregverdig gedissiplineer is of wanneer daar nie behoorlik aan sy klagtes aandag gegee word nie.
- Om te onderhandel ten einde die werksomstandighede te verbeter. Byvoorbeeld wanneer die werknemer blootgestel word aan gesondheids- en veiligheidsrisiko's, soos skadelike gasse of gevaaarlike masjinerie, of selfs wanneer die was- en toiletgeriewe nie na wense is nie.
- Om vir die beskerming van die werknemer te onderhandel wanneer hy gedreig word met afdanking of oorbodigheid.
- Om behulpsaam te wees met sake rakende werkloosheidsversekering.
- Om te verseker dat deeltydse werknemers eerlike behandeling kry.
- As lid van die vakbond is die werknemer ook geregtig op ander voordele, soos regadvies en regsverteenwoerdiging, sekere kontantvoordele en ander dienste, sowel as die geleentheid om opleidingskursusse van die vakbond by te woon.

Vakbondorganisasies kan hoofsaaklik in vier soorte verdeel word:

- Vakbond vir ALGEMENE WERKERS, wat alle soorte werknemers oor die breë front van geskoold en ongeskoold werknemers verteenwoordig, byvoorbeeld die Vervoer en Algemene Werknemersunie.
- Vakbond vir vakmanne, wat werknemers met bepaalde vaardighede verteenwoordig, byvoorbeeld skrynwerkers, ens.
- Vakbond vir industriële werknemers, wat geskoold en ongeskoold werknemers in ‘n bepaalde nywerheid verteenwoordig, byvoorbeeld werknemers in die papier- en pulp- vervaardigingsindustrie.
- Vakbond vir witboordjiewerknemers, wat werknemers in die nie-handvaardigheids- beroepe verteenwoordig, byvoorbeeld onderwysers, ens.

Aktiwiteit 1

LU 1.4				

**Table 1.25**

### VAKBONDE

Maak ‘n lys van VYF voordele en VYF nadele van vakbonde. Bespreek elkeen van die voordele en nadele breedvoerig. Dink julle dat dit die moeite werd is om aan ‘n vakbond te behoort? Versaf redes vir die standpunt. Sal julle lid word van ‘n vakbond wanneer jul begin werk? Elke groep moet hul standpunte aan die klas stel.

Aktiwiteit 2

LU 1.4				

**Table 1.26****VAKBONDE**

‘n Vriend van jou gaan nou met ‘n nuwe werk begin. Hy kan nie besluit of hy aan ‘n vakbond wil behoort of nie. Skryf vir hom ‘n brief waarin jy jou mening oor die saak gee.

**A3-PLAKKAAT en TWEE GETIKTE VELLE**

- Kies enige vakbond en vind alles omtrent hulle uit. Byvoorbeeld: Hoe goed is hulle georganiseerd? Ondersteun hulle ‘n politieke party? As dit so is, hoe doen hulle dit? Was hulle al in enige optogte of stakings betrokke en wanneer?
- NOTA: Gebruik ook koerantberigte op jul plakkate.

**1.4.6 Assessering**

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
DIE EKONOMIESE KRINGLOOPDie leerder sal in staat wees om kennis en begrip van die ekonomiese siklus binne die konteks van ‘die ekonomiese’ probleem te toon.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 1.1 die historiese ontwikkeling van geld en die rol daarvan in samelewings en hul ekonomieë kan beskryf;</li> <li>• 1.2 die wyse kan bespreek waarop handel (invoer en uitvoer) die ekonomiese probleem (keuse- en geleentheidskoste) aanspreek, asook die rol van banke in belegging in die ekonomie;</li> <li>• 1.3 kan verduidelik hoe verskillende ekonomiese sisteme die ekonomiese probleem aanspreek (bv beplande, mark- en gemengde ekonomieë);</li> <li>• 1.4 die rol, regte en verantwoordelikhede van vakbonde kan bespreek; (en)</li> <li>• 1.5 kan verduidelik wat inflasie is en redes vir veranderinge in die inflasiekoste kan bespreek.</li> </ul>

**Table 1.27****1.5 Inflasie<sup>5</sup>****1.5.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE****1.5.2 Graad 8****1.5.3 DIE EKONOMIESE SIKLUS****1.5.4 Module 5****1.5.5 INFLASIE****INFLASIE**

<sup>5</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24957/1.1/>>.

- BY VOLTOOIING VAN HIERDIE AFDELING SAL JY IN STAAT WEES OM INFLASIE EN DIE REDES VIR DIE VERANDERINGS IN INFLASIEKOERSE TE KAN VERDUIDELIK.
- Inflasie is ‘n “VOORTDURENDE en AANSIENLIKE STYGING in die algemene prysvlak as gevolg van geldelike oorsake, wat tot gevolg het dat die koopkrag van geld daal”. Wanneer die definisie ontleed word, moet beklemtoon word dat die stygging in ‘n enkele prys, of die eenmalige stygging in die prys van ‘n kommoditeit, nie inflasie is nie. Pryse moet in die algemeen en oor ‘n breë vlak van kommoditeite styg en die stygging moet ook aansienlik wees. Sodanige stygging in prys sal dan beteken dat jou geld nie meer dieselfde hoeveelheid goedere kan koop as wat jy voorheen met dieselfde hoeveelheid geld kon koop nie. Jy is in der waarheid dus swakker daaraan toe. Aangesien inflasie ‘n algemene stygging in pryspeile impliseer, is dit noodsaaklik dat die redes vir die stygging ontleed sal word: Uit die studie van die ekonomiese siklus het dit duidelik geword dat die goederestroom altyd gelyk moet wees aan die geldstroom. Wanneer die geldstroom egter toeneem en daar is nie ‘n gelyktydige toename in die produksie / aanbod van goedere nie, sal dit veroorsaak dat prysstygginge ‘n toename in die groter vraag (as gevolg van die feit dat mense meer geld het om mee te koop).

#### HUISHOUINGS / VERBRUIKERS

1 sakkie aartappels

1 kissie tamaties

1 sak mieliemeel

1 kissie avokado's

Vergoeding vir die produkte: R100

#### PRODUSENTE

- Volgens die model hierbo sal die gemiddelde prys per item wat gekoop word, gelyk wees aan R25 (R100 gedeel deur die vier items). Indien die geldstroom nou om die een of ander rede sou vermeerder met R60, sal die gemiddelde prys van die items styg na R40 per item  $\{(R100 + R60)\}$  gedeel deur dieselfde vier items}. Die vermeerdering in die hoeveelheid geld, het dus ‘n stygging in die prys veroorsaak. Nou verwant hieraan is wanneer mense meer geld aan goedere en dienste bestee as wat die ekonomie kan lewer. In dié geval styg die vraag na goedere en dienste teen ‘n vinniger koers as die koers waarteen die produksie-eenhede hul produkte kan lewer. Dit beteken dat prysstygginge opgejaag word as gevolg van die groter vraag deur verbruikers. So ‘n toestand waar “meer geld” op “minder goedere” jag maak, staan bekend as VRAAGINFLASIE. Voorts kan die prys van goedere ook styg weens voortdurende en aansienlike stygginge in lone, byvoordele, belastings, ens. wat die bedryfskoste van die ondernemings of produsente opstoot. Ten einde sy winsgrense dieselfde as tevore te hou, sal die produsente die prys van sy produkte wat aan die verbruiker verskaf word, eenvoudig moet verhoog. Indien daar prysstygginge is as gevolg van deurlopende stygginge in produksiekoste, word dit KOSTE-DRUKINFLASIE genoem, want die toename in bedryfsKOSTE DRUK die verkoopPRYS OP. Voorbeeld is die invloed van vakbonde ten opsigte van hul soms buitensporige eise vir salarisverhogings (d.w.s insetkoste), asook die deurlopende stygging in brandstofpryse (ook ‘n insetkoste) wat aan wisselkoerskommelings onderworpe is.

#### Aktiwiteit 1

LU 1.5				

Table 1.28

### INFLASIE

Bestudeer die volgende uittreksel uit 'n artikel wat gedurende Augustus 2002 in *Die Burger* verskyn het, en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

#### BRON

"Statistieke Suid-Afrika (SSA) het gister bekend gemaak dat die VPI (verbruikersprysindeks) - die alle-somvattende maatstaf van inflasie - het in Julie met 10,6% gestyg. Die styging is onder andere veroorsaak deur 'n toename van 5,2% in behuisingskoste vergeleke met Junie vanjaar. Die verhoging van die handelsbanke se rentekoerse van 15% tot 16% in Junie is as rede vir die skerp toename in behuisingskoste aangevoer."

Behuising, voedsel en vervoer maak meer as die helfte van die VPI-mandjie van goedere uit. Skerp toenames in dié komponente verklaar die skerp styging in inflasie. Verwys na die volgende tabel:

#### SO IS VERBRUIKERS SE SAK GERUK

Item %-styging sedert Julie 2001

BEHUISING 16,76%

VOEDSEL 16,83%

MEDIËSE KOSTE 12,72%

VERVOER 6,72%

(Bron: Standard Bank)

Voedselprysse het vanjaar 'n belangrike bydrae tot die inflasiemonster gelewer. Mn Craig Irving van die *Consumer Insight Agency* wat onder meer verbruikersake namens groot ondernemings ondersoek, meen die prysverhogings is 'n wekroep tot prioriteit: 'Jy moet besluit wat jy gaan prysgee. Dit gaan waarskynlik onvermydelik wees. Die groot vraag is net wat? Gaan dit 'n ekstra skoolhemp of 'n bottel wyn wees? In die meeste gevalle sal dit hopelik die luukse wees' het Irving gesê.

Me Basson van Salon Karin verwag dat al hoe minder mense haarsalonne sal besoek. 'Waarom sal klante die salonne besoek as hulle hul hare goedkoper tuis kan kleur en versorg?'

#### BRON

Hoewel die meeste gesinne probeer om nou en dan uit te eet, bestee hul al minder per ete. 'n Bestuurder by Spur beweer dat klante nou eerder 'n 200 g-biefstuk as een van 500 g bestel. Waar hulle minstens twee keer per maand uitgeëet het, kan hulle dit nou hoogstens een keer per maand bekostig.

Mediese dienste is een van die wat die hardste geslaan sal word deur die inflasiestyging. Pasiënte begin toenemend vra na generiese ekwivalente van duur medisyne."

Augustus 2002 - *Die Burger*

- Wat is die belangrikste oorsake vir die voortdurende stygings in die prysse van die volgende kommoditeite?

Behuising:

Vervoer:

Voedsel:

Mediese koste:

- Verwys die bostaande artikel na VRAAG-INFLASIE of KOSTE-DRUK-INFLASIE? HOEKOM?

Aktiwiteit 2

	LU 1.5			

Table 1.29

### INFLASIE

Doen navorsing oor die volgende onderwerpe en lewer 'n geskrewe voorlegging daaroor in.

1. Verduidelik wat is die funksie en doel van *STATISTIEK SUID-AFRIKA*. (SSA)
2. Verduidelik wat julle verstaan onder die begrip "VPI-mandjie".
3. Met verwysing na die vier kommoditeite hierbo genoem, wat stel julle voor behoort verbruikers te doen om nie hul finansiële omstandighede te verswak nie?

### 1.5.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 1
DIE EKONOMIESE KRINGLOOP Die leerder sal in staat wees om kennis en begrip van die ekonomiese siklus binne die konteks van 'die ekonomiese' probleem te toon.
Assesseringstandarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 1.1 die historiese ontwikkeling van geld en die rol daarvan in samelewings en hul ekonomieë kan beskryf;</li> <li>• 1.2 die wyse kan bespreek waarop handel (invoer en uitvoer) die ekonomiese probleem (keuse- en geleentheidskoste) aanspreek, asook die rol van banke in belegging in die ekonomie;</li> <li>• 1.3 kan verduidelik hoe verskillende ekonomiese sisteme die ekonomiese probleem aanspreek (bv beplande, mark- en gemengde ekonomieë);</li> <li>• 1.4 die rol, regte en verantwoordelikhede van vakbonde kan bespreek; (en)</li> <li>• 1.5 kan verduidelik wat inflasie is en redes vir veranderinge in die inflasiekoerse kan bespreek.</li> </ul>

Table 1.30



# Chapter 2

## Kwartaal 2

### 2.1 Aanloop tot die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram<sup>1</sup>

#### 2.1.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 2.1.2 Graad 8

#### 2.1.3 VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELING

#### 2.1.4 Module 1

#### 2.1.5 AANLOOP TOT DIE HEROPBOU- EN ONTWIKKELINGSPROGRAM (HOP)

By voltooiing van hierdie afdeling sal jy kan ontleed hoe beoog is om die heropbou en ontwikkelingsprogram (hop) te gebruik om ekonomiese ontwikkeling en heropbou te stimuleer.

Suid-Afrika se geskiedenis word gekenmerk deur kolonialisme, rassisme, apartheid, seksisme en onderdrukkende arbeids- en ander wetgewing wat sedert stigting in 1652 die ekonomiese en sosiale omgewing oorheers het. Hierdie genoemde faktore het diepgewortelde ongelykhede in die Suid-Afrikaanse samelewning teweeg gebring wat teen die einde van die 20ste eeu tot rewolusionêre teenstand en uiteindelik tot 'n demokraties verkose regering in 1994 aanleiding gegee het.

##### 2.1.5.1 Aktiwiteit 1:

	LU 2.1			

Table 2.1

#### 2.1.6 Kolonialisme

Groep:

<sup>1</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24970/1.1/>>.

- Bespreek wat julle verstaan onder die begrip KOLONIALISME en noem ook voorbeeld van ander state / lande in die wêreld waar kolonialisasie plaasgevind het. Dui ook aan watter groot moondhede by kolonialisering in Suid-Afrika en Afrika betrokke was. Watter "ongelykhede" het kolonialisme in Suid-Afrika teweeg gebring.
- Voorsien 'n kort verslagjie vir voordrag aan die klas. Skryf die verslag op 'n los folio en skryf 'n kort opsomming na afloop van die klasbespreking hieronder.

#### 2.1.6.1 Aktiwiteit 2:

		LU 2.1		

Table 2.2

#### 2.1.7 Rassisme

Groep:

- Bespreek wat julle verstaan onder die begrip RASSISME en verduidelik hoedat die konsep die alledaagse lewe beïnvloed. Wat is volgens jul mening die grootste nadele van rassisme, m.a.w. watter "ongelykhede" het rassisme in Suid-Afrika teweeg gebring. Bestaan daar ook rassisme in ander lande?
- Voorsien 'n kort verslagjie vir voordrag aan die klas. Skryf die verslag op 'n los folio en skryf ook 'n kort opsomming na afloop van die klasbespreking.

#### 2.1.7.1 Aktiwiteit 3:

		LU 2.1		

Table 2.3

#### 2.1.8 Apartheid

Groep:

- Bespreek wat julle verstaan onder die begrip APARTHEID, waarom het dit ontstaan en watter implikasies het dit vir die Suid-Afrikaanse samelewing gehad, m.a.w. watter "ongelykhede" het apartheid in Suid-Afrika te weeg gebring.
- Voorsien 'n kort verslagjie vir voordrag aan die klas. Skryf die verslag op 'n los folio en skryf ook 'n kort opsomming na afloop van die klasbespreking.
-

#### 2.1.8.1 Aktiwiteit 4:

	LU 2.1			

Table 2.4

#### 2.1.9 Seksisme

Groep:

- Verduidelik wat julle verstaan onder die begrip SEKSISME, en dui aan watter nadele daaraan verbond is, m.a.w. watter "ongelykhede" het seksisme in Suid-Afrika teweeg gebring.
- Voorsien 'n kort verslagjie vir voordrag aan die klas. Skryf die verslag op 'n los folio en skryf ook 'n kort opsomming na afloop van die klasbespreking.

#### 2.1.9.1 Aktiwiteit 5:

	LU 2.1			

Table 2.5

#### 2.1.10 Onderdrukkende Wetgewing

Groep:

- Verduidelik wat jul verstaan onder die begrip ONDERDRUKKENDE WETGEWING, en verskaf 'n aantal voorbeeld van sodanige wetgewing wat in die Suid-Afrikaanse samelewing deur die vorige regering afgedwing is. Watter "ongelykhede" is hierdeur in Suid-Afrika veroorsaak?
- Voorsien 'n kort verslagjie vir voordrag aan die klas. Skryf die verslag op 'n los folio en skryf ook 'n kort opsomming na afloop van die klasbespreking.

#### 2.1.10.1 Aktiwiteit 6:

	LU 2.1			

Table 2.6

### 2.1.11 Samevattende Ontleding

SELF:

- Van jou word verwag om 'n ontleding te verskaf met betrekking tot elk van bogenoemde begrippe onder die volgende hofies. 'n Netjiese voorlegging van hoogstens TWEE bladsye moet voorberei en ingehandig word, terwyl 'n kort opsomming geskryf moet word.

#### 1. Begripsontleding

2. Voorbeeld om die begrip te verduidelik.
3. Invloed op die sosiale- en werksomgewing in Suid-Afrika.

Ten einde hierdie "probleme" die hoof te bied het die huidige regering in 1994 die HEROPBOU EN ONTWIKKELINGS PROGRAM (HOP) daargestel wat bedoel is om aan die volgende breë beginsels te voldoen en wat die "ongelykhede" moes uitskakel:

1. Dit moes 'n geïntegreerde en volhoubare program wees, (d.w.s. almal moet ingeskakel word)
2. wat op alle mense gerig is, (d.w.s. alle menslike hulpbronne moet ontwikkel word)
3. wat vrede en sekuriteit vir almal ten doel het, (d.w.s. deur Grondwet moet almal beskerm word)
4. wat nasiebou beoog. (d.w.s. vorige skeidslyne van ryk/arm, wit/swart moet verdwyn)
5. wat heropbou en ontwikkeling sal combineer, (d.w.s. volledige toegang tot werk/dienste) en
6. wat demokratiese doelstellings sal dien (d.w.s. inspraak ook vanaf voetsoolvlek)

Om hieraan te voldoen word die HOP-doelstellings gegroepeer onder die volgende VYF programme wat mekaar onderling sal ondersteun, naamlik

1. voorsiening in basiese behoeftes van die bevolking;
2. ontwikkeling van mannekrag;
3. die opbou van die ekonomie;
4. demokratisering van die staat en gemeenskap;
5. implementering van die HOP.

#### 2.1.11.1 Aktiwiteit 7:

		LU 2.1		

Table 2.7

### 2.1.12 Heropbou en Ontwikkelingsprogram (HOP)

- Doen navorsing oor die Heropbou en Ontwikkelingsprogram en verduidelik kortliks wat beoog is met elk van die voorgenomeerde programme in die poging van die regering om die ongelykhede van die verlede uit te skakel. Verskaf 'n netjiese voorlegging van nie meer as een bladsy per program nie, d.w.s. hoogstens VYF bladsye. Skryf die opsommings van elk hieronder. ANC, 1994: THE RECONSTRUCTION AND DEVELOPMENT PROGRAMME: A Policy Framework. Umanyano Publications, PO Box 3851, Johannesburg, 199

### 2.1.13 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELINGDie leerder is in staat om begrip van volhoubare groei, heropbou en ontwikkeling te toon en om krities oor die verwante prosesse na te dink.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik as die leerder:
2.1 die wyse waarop die nasionale begroting gebruik word om groei te beïnvloed en ekonomiese ongelykhede te stel, kan ondersoek en verduidelik;
2.2 die wyse waarop die HOP kan gebruik gewees het om ekonomiese groei en heropbou te stimuleer (bv. kapasiteitsuitbouing, werkgeleenthede), kan ondersoek;
2.3 die belangrikheid van besparing vir beleggings kan bespreek;
2.4 die wyse waarop tegnologie kan bydra tot verhoogte produktiwiteit, ekonomiese groei en lewenstandaard, kan ondersoek en daaroor verslag kan doen.

Table 2.8

## 2.2 Die nasionale begroting, groei en ekonomiese ongelykhede<sup>2</sup>

### 2.2.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 2.2.2 Graad 8

#### 2.2.3 VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELING

#### 2.2.4 Module 7

#### 2.2.5 DIE NASIONALE BEGROTING, GROEI EN EKONOMIESE ONGELYKHEDDE

Die sentrale tema om groei en ekonomiese ongelykhede in Suid-Afrika aan te spreek sentreer rondom die verbetering van die lewenskwaliteit van alle vlakke van die bevolking (veral die armes en die voorheen-benadeeldes) ten einde elkeen te bemagtig om sy eie omstandighede te verbeter en in die proses ook die groepotensiaal van die ekonomie uit te bou. Die eerste prioriteit sal wees om te voorsien in die basiese behoeftes van die massas wat nie geredelike toegang tot die nodige hulpbronne het nie, byvoorbeeld toegang tot werkgeleentheid, grond, behuising, water, gesondheidsorg, ens. Van die hoofdoelstellings van die HOP is juis om programme daar te stel wat hierdie hertoedeling of heropbou moet bewerkstellig deur byvoorbeeld die herverdeling van grond aan die wat voorheen van hul grond verskuif is, die voorsiening van meer as een miljoen huise, die voorsiening van skoon water en sanitasie, die elektrifisering van 2,5 miljoen wonings en toegang tot bekostigbare gesondheidsorg en telekommunikasie.

Die sukses van hierdie programme is daarin geleë dat mense van alle vlakke van die bevolking betrokke moet wees waar die infrastruktuur gevvestig moet word sodat hulle in diens geneem kan word by die konstruksieprosesse, en by die bestuur daarvan. Dit kan verwag word dat die infrastrukturele programme die ekonomie sal stimuleer deur 'n groter vraag na byvoorbeeld bakstene en staalprodukte, toestelle soos televisies en wasmasjiene, sowel as vele ander verwante produkte, te skep. Die taak van die nywerheidsektor sal

<sup>2</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24971/1.1/>>.

wees om nuwe, meer effektiewe en goedkoper produkte te voorsien wat in die basiese infrastruktuur behoeftes sal voorsien.

Uit voorgaande bespreking is dit duidelik dat die HOP, om suksesvol te kan wees, afhanglik is van 'n gekoördineerde poging van arbeids- en ander vaardighede, tesame met groter finansiering. Dit moet as 'n nasionale verantwoordelikheid beskou word. Die HOP is daarop ingestel om openbare uitgawes te herstruktureer teneinde die demokratiese regering se bydrae tot die programme te finansier. Dit sal behels dat daar beplan moet word om verhoogde kapitaaluitgawes te finansier, om groter effektiwiteit in verbruiksuitgawes te bewerkstellig en ook om die belastinginvorderingskapasiteit van die regering te verhoog.

Om hieraan te voldoen sal daar in die beplanning van die nasionale begrotingstrukture vir die volgende prioriteite voorsiening gemaak moet word:

1. Uitskakeling van die vooroordele / diskriminasie in die belasting wat op vroue gehef word;
2. Hersiening van persoonlike belasting om die belastingglas van laer inkomstegroepe te verminder;
3. Rasionalisering van maatskappybelasting om vir maatskappy-spandering op gesondheid, onderwys, behuising, ens voorsiening te maak;
4. Vereenvoudiging van maatskappybelastingstrukture om diskriminasie teen klein- en mediumgrootte maatskappye uit te skakel;
5. Vermindering van BTW op die mees basiese benodigdhede;
6. Begrotingstoekennings moet die regering se bereidwilligheid tot die bemagtiging van vroue en hul ontwikkeling, reflekter;
7. Sensitiwiteit vir die onderskeid tussen mans en vroue.

Aktiwiteit 1:

		LU 2.2		

**Table 2.9**

#### Nasionale Begroting

- Ontleed die nuutste begroting en evalueer of daar in die begrottingsrede enige verwysing na die bovenoemde maatreëls was. Bepaal ook of daar aan die prioriteite aandag gegee is en verduidelik hoedat die aangekondigde begrottingsmaatreëls van die ongelykhede kan uitskakel.
- Voorsien 'n kort voorlegging wat ook in die klas gedebatteer kan word. Skryf die verslag op 'n los folio en skryf 'n kort opsomming na afloop van die klasbespreking.

#### 2.2.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
<i>continued on next page</i>

LU 2
VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELING Die leerder is in staat om begrip van volhoubare groei, heropbou en ontwikkeling te toon en om krities oor die verwante prosesse na te dink.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik as die leerder:
2.1 die wyse waarop die nasionale begroting gebruik word om groei te beïnvloed en ekonomiese ongelykhede te stel, kan ondersoek en verduidelik;
2.2 die wyse waarop die HOP kan gebruik gewees het om ekonomiese groei en heropbou te stimuleer (bv. kapasiteitsuitbouing, werkgeleenthede), kan ondersoek;
2.3 die belangrikheid van besparing vir beleggings kan bespreek;
2.4 die wyse waarop tegnologie kan bydra tot verhoogte produktiwiteit, ekonomiese groei en lewenstandaard, kan ondersoek en daaroor verslag kan doen.

Table 2.10

## 2.3 Besparing en investering<sup>3</sup>

### 2.3.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 2.3.2 Graad 8

#### 2.3.3 VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELING

#### 2.3.4 Module 8

#### 2.3.5 BESPARING EN INVESTERING

Wat beteken BESPARINGS in ekonomiese verband?

BESPARINGS kan beskou word as *daardie deel van jou inkomste wat nie vir behoeftebevrediging aangewend word nie*. Dit is dus die gedeelte van jou inkomste (of sakgeld) wat jy "wegbêre". Die "surplus" kan of in 'n spaarbussie geplaas word (waar dit geen rente verdien nie), of dit kan by 'n bank of finansiële instelling in 'n spaarrekening (waar dit rente sal verdien) as 'n belegging geplaas word.

#### 2.3.5.1 Aktiwiteit1:

	LU 2.3			

Table 2.11

#### Persoonlike Besparing

Verskaf 'n aantal redes waarom jy sal besluit om jou sakgeld eerder weg te sit as om dit onmiddellik uit te gee.

Nota: Jy kan self besluit waar jy dit wil "wesgit".

<sup>3</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25000/1.1/>>.

Voorsien 'n een bladsy voorlegging met betrekking tot jou besluite. Skryf die verslag op 'n los folio en skryf 'n kort opsomming na afloop van die klasbespreking hieronder.

Vir die PRIVAAT INDIWIDU beteken *besparing dat hy hom daarvan weerhou om te bestee aan verbruikersgoedere en dienste*, met ander woorde die uitstel van behoeftebevrediging tot 'n later geleentheid. Soos hierbo verduidelik, kan die "surplus" of "opgepot" of by 'n finansiële instelling geplaas word.

### 2.3.5.2 Aktiwiteit 2:

		LU 2.3		

Table 2.12

Besparing vir Privaat Individu

Verskaf 'n aantal redes waarom jy dink die privaat individu sy behoeftebevrediging sal wil uitstel tot 'n later geleentheid.

Vir die PRODUSENT beteken *besparing daardie deel van sy produksie wat nie vir verbruik beskikbaar gestel word nie*, of die oorskot van produksie oor verbruik.

### 2.3.5.3 Aktiwiteit 3:

		LU 2.3		

Table 2.13

Besparing vir Produsent

Verskaf 'n aantal redes waarom jy dink die produsent nie sy produksie vir onmiddellike verbruik wil beskikbaar stel nie.

In sy eenvoudigste vorm kan BESPARING as volg voorgestel word:

**BESPARING = INKOMSTE - VERBRIUK**

Die deel van die inkome wat nie op verbruikersgoedere gespandeer word nie (d.w.s. besparings) wat by finansiële instellings geplaas word, word deur die instellings aan kliënte (of ondernemers) beskikbaar gestel, wat dit op hul beurt weer wil aanwend vir verdere produksie. Die geld word beskikbaar gestel aan produsente of nyweraars wat hul produksievermoë wil uitbrei, met ander woorde hulle wil INVESTEER in kapitaalgoedere soos geboue, masjinerie, toerusting, ens. NOTA: Kapitaalgoedere is al daardie goedere wat gebruik word om verbruiksgoedere en moontlik ook verdere kapitaalgoedere te produseer.

### 2.3.5.4 Aktiwiteit 4:

		LU 2.3		

Table 2.14

Verbruiks- en Kapitaalgoedere

SELF:

Verduidelik aan die hand van voorbeeldie die verskil tussen *verbruiksgoedere* en *kapitaalgoedere*.

Gee ook voorbeeldie van verbruiksgoedere wat ook kapitaalgoedere is.

#### **2.3.5.5 Aktiwiteit 5:**

	LU 2.3			

**Table 2.15**

Kapitaalgoedere vir Investering

Kies 'n onderneming of ondernemings uit jou omgewing en gee 'n beskrywing van al die kapitaalgoedere waarin die onderneming INVESTEER het om sy produksie op dreef te kry.

Voorsien 'n voorlegging vir voordrag aan die klas.

#### **2.3.6 Assessering**

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELINGDie leerder is in staat om begrip van volhoubare groei, heropbou en ontwikkeling te toon en om krities oor die verwante prosesse na te dink.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik as die leerder:
2.1 die wyse waarop die nasionale begroting gebruik word om groei te beïnvloed en ekonomiese ongelykhede te stel, kan ondersoek en verduidelik;
2.2 die wyse waarop die HOP kan gebruik gewees het om ekonomiese groei en heropbou te stimuleer (bv. kapasiteitsuitbouing, werkgeleenthede), kan ondersoek;
2.3 die belangrikheid van besparing vir beleggings kan bespreek;
2.4 die wyse waarop tegnologie kan bydra tot verhoogte produktiwiteit, ekonomiese groei en lewenstaard, kan ondersoek en daaroor verslag kan doen.

**Table 2.16**

## 2.4 Gebruik van tegnologie<sup>4</sup>

### 2.4.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 2.4.2 Graad 8

#### 2.4.3 VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELING

#### 2.4.4 Module 9

#### 2.4.5 GEBRUIK VAN TEGNOLOGIE

Tegnologiese vooruitgang of -ontwikkeling, wat die gebruik van nuwe en verbeterde tegnieke of produksiemethodes behels, stel werkers in staat om addisionele uitsette of produksie te lewer met dieselfde hoeveelheid hulpbronne. Sulke verbeterings verminder die produksiekoste van die goedere en dienste. Dit beteken dat 'n kleiner inset ten opsigte van menslike en fisiese kapitaal per eenheid benodig word.

Tegnologiese ontwikkeling word te weeg gebring deur investerings in kapitaaltoerusting en navorsingsprojekte. Om die rede sal ontwikkelings op die gebied van tegnologie (en wetenskap) groter investering verg, wat opofferings in terme van (verminderde) verbruik sal genoodsaak.

##### 2.4.5.1 Aktiwiteit 1:

		LU 2.4		

Table 2.17

#### 2.4.6 Tegnologiese Ontwikkelings

- Maak 'n plakaat waarop jy die volgende verbeterings in tegnologie aandui:
  - vervanging van mensearbeid deur masjiene;
  - ontwikkeling van stoomenjin na binnebrandmasjiene na hidro-elektriese krag na kernkrag;
  - ontwikkelings op die gebied van telekommunikasie;
  - ontwikkelings op die gebied van vervoer.
- (Maak 'n keuse uit enigeen van bogenoemde)

Hierdie tegnologiese ontwikkelings het almal se lewenswyse oor die afgelope 250 jaar aansienlik verander en in die proses geleei tot 'n verbetering in die lewensstandaard.

Tegnologiese vooruitgang kan enige van twee vorme aanneem:

1. 'n **UITVINDING**, wat die ontdekking van nuwe produkte of nuwe prosesse behels, of

1. 'n **INNOVERING**, wat die praktiese omskakeling na nuwe tegnieke behels – dit kan ook gesien word as die ekonomiese aanwending van 'n UITVINDING.

Nota:

- **UITVINDINGS IS BELANGRIK, MAAR SONDER INNOVEERDERS KAN UITVINDINGS BLOOT MOOI IDEES WEES WAT WAG OM GEIMPLEMENTEER TE WORD.**

<sup>4</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25001/1.1/>>.

#### 2.4.6.1 Aktiwiteit 2:

	LU 2.4			

Table 2.18

#### 2.4.7 Uitvindings en Innoverings

- Doen navorsing oor die volgende twee persone:
- HENRY FORD, wat beskou word as die vader van die Model T-Ford, en
- RAY KROC, wat beskou word as die vader van McDonalds
- Besluit of hulle innoveerders of uitvinders was, en motiveer jul besluit. Skryf die opsomming van jou navorsing hieronder neer.

Alhoewel tegnologiese ontwikkelings 'n belangrike rol in die bevordering van materiele welvaart en die verbetering van die lewensstandaard gespeel het, moet besef word dat dit nie genoegsame voorwaarde vir volhoubare ekonomiese groei is nie. Voordat moderne tegnologie ekonomiese groei kan bewerkstellig moet die arbeidsmag voldoende kundigheid opdoen om die komplekse masjinerie baas te raak en ook in stand te hou. Opleiding en die aanleer van basiese vaardighede vorm dus 'n belangrike voorvereiste vir die suksesvolle ontplooing van tegnologie. Ten einde dit te bewerkstellig is groter investering in formele en informele opleiding 'n noodsaaklikheid.

#### 2.4.7.1 Bron geraadpleeg:

- Gwartney, James D ECONOMICS, Private and Public Choice, Sixth Edition

#### 2.4.8 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
VOLHOUBARE GROEI EN ONTWIKKELING Die leerder is in staat om begrip van volhoubare groei, heropbou en ontwikkeling te toon en om krities oor die verwante prosesse na te dink.

*continued on next page*

Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik as die leerder:
2.1 die wyse waarop die nasionale begroting gebruik word om groei te beïnvloed en ekonomiese ongelykhede te stel, kan ondersoek en verduidelik;
2.2 die wyse waarop die HOP kan gebruik gewees het om ekonomiese groei en heroubou te stimuleer (bv. kapasiteitsuitbouing, werkgeleenthede), kan ondersoek;
2.3 die belangrikheid van besparing vir beleggings kan bespreek;
2.4 die wyse waarop tegnologie kan bydra tot verhoogte produktiwiteit, ekonomiese groei en lewenstandaard, kan ondersoek en daaroor verslag kan doen.

**Table 2.19**

# Chapter 3

## Kwartaal 3

### 3.1 Bates, laste en eiennaarsbelang<sup>1</sup>

#### 3.1.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 3.1.2 Graad 8

#### 3.1.3 BESTUURS-, VERBRIUKERS- EN FINANSIËLE KENNIS EN VAARDIGHEDE

#### 3.1.4 Module 10

#### 3.1.5 BATES, LASTE EN EIENAARSBELANG

Rekeningkunde is gebaseer op drie elemente, naamlik bates, laste en eiennaarsbelang. Tydens elke transaksie wat in die onderneming plaasvind, is daar 'n wisselwerking tussen hierdie drie elemente. Dit is baie belangrik om 'n goeie begrip te hê van bates, laste en eiennaarsbelang om sodoende tussen hulle te kan onderskei.

AKTIWITEIT 1:

Om die begrip *bates* te kan verduidelik en te kan toepas

		LU 3.1		

Table 3.1

Bates :

- **Dit is items wat deur 'n onderneming besit word en waarde het.** Hierdie bates kan in twee groepe verdeel word, naamlik vaste bates en bedryfsbates.

Vaste bates :

- **Dit is eiendom met 'n relatiewe lang lewensduur wat eerder vir produksie of gebruik aangewend word** as vir herverkoop byvoorbeeld grond en geboue, voertuie en toerusting.

Bedryfsbates :

<sup>1</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24998/1.1/>>.

- Dit is bates in die vorm van kontant of bates wat binne 'n kort tydperk, gewoonlik 'n jaar, in kontant omgesit kan word, byvoorbeeld handelsvoorraad, debiteure, kontant in die bank, kleinkas en wisselgeld.

Handelsvoorraad :

- Goedere wat aangekoop word met die doel om dit teen 'n wins te verkoop.

Debiteure :

- Die persone wat geld aan die onderneming verskuldig is.

Indeling van bates

- Verdeel 'n vel karton of papier in die middel en plak tydskrifprente daarop sodat die een deel **vaste bates** en die ander deel **bedryfsbates** voorstel.

Herkenning van bates

- Dui aan watter van die volgende sal as bates in 'n onderneming geklassifiseer word deur dit wat jy as die bates beskou te onderstreep:

1. Rekenaars
2. Moderne kantoorgebou
3. Afleweringsvoertuie
4. Bestuurder van die afleweringsvoertuig
5. Krediteure
6. Die eienaar se persoonlike, luukse voertuig
7. Opgeleide rekenaarpersoneel
8. 'n Onaantreklike gebou op die onderneming se perseel wat aan 'n ander onderneming as stoorples verhuur word.

#### AKTIWITEIT 2:

Om die begrip *laste* te verduidelik en toe te pas

		LU 3.1		

Table 3.2

Laste

- Dit is verpligte of skuld wat een onderneming teenoor 'n ander onderneming of persoon het.
- Wanneer geld by 'n finansiële instelling of ander onderneming geleent word, ontstaan 'n las wat bekend staan as 'n lening.
- Wanneer 'n onderneming gebruik maak van oortrokke fasiliteite op sy lopende rekening, skuld hy geld aan die bank en dit word 'n oortrokke bankrekening genoem.
- Voorraad of dienste wat op krediet aangekoop word, lei tot die ontstaan van 'n las genoem krediteure.

Bedryfslaste

- **Dit is verpligtinge wat binne die tydperk van 'n jaar of korter terugbetaal word**, byvoorbeeld krediteure.

#### Langtermynlaste

- **Dit is verpligtinge wat oor 'n langer tydperk terugbetaalbaar is**, byvoorbeeld 'n lening.

- Beantwoord die volgende vrae:

1. Wat word die persone genoem aan wie die onderneming geld skuld?

2. 'n Verbandlening wat aangegaan word vir die aankoop van 'n gebou en na 20 jaar terugbetaalbaar is, word 'n bedryfslas genoem. (Slegs ja of nee)

3. Handelsvoorraad wat op krediet aangekoop, is verteenwoordig 'n bedryfslas. (Slegs ja of nee)

#### AKTIWITEIT 3:

Om die begrip eienaarsbelang te verduidelik en toe te pas

	LU 3.1			

Table 3.3

- Die term eienaarsbelang verwys na 'n belang van die eienaar in die bates van die onderneming.
  - Die eienaar verskaf die kapitaal waarmee die onderneming begin word. Hierdie kapitaal word hoofsaaklik aangewend vir die aankoop van bates en die betaling van laste en uitgawes.
  - Die skuldeisers het eerstens 'n aanspraak op die bates vir die bedrae wat aan hulle verskuldig is. Daarna het die eienaar aanspraak op dit wat oorbly na die laste betaal is.
  - Die volgende vergelyking vloeи daaruit voort: Bates = Eienaarsbelang + Laste of Bates – Laste = Eienaarsbelang
- Dit staan bekend as die rekeningkundige vergelyking.
- Voltooi die volgende:
1. Indien die totale bates R10 000 beloop en die totale eise (skulde) R4 000 sal die eienaarsbelang R..... beloop.
  2. Watter van die volgende stel die rekeningkundige vergelyking voor? Onderstreep die korrekte antwoord.
- Bates + Eienaarsbelang = Laste
  - Bates – Laste = Eienaarsbelang
  - Bates + Laste = Eienaarsbelang
3. Skryf die volgende inligting in die vorm van die rekeningkundige vergelyking neer. Gebruik die bedrae om aan te du dat die rekeningkundige vergelyking altyd balanseer.  
 Toerusting R 6 000 –  
 Krediteure R 6 000 –  
 Kontant R10 000 –  
 Debiteure R 4 000 –  
 Meubels R 4 000 –  
 Eienaarsbelang R18 000 –  
Antwoord:  
 4. Indien enige twee elemente van die rekeningkundige vergelyking bekend is, kan die ontbrekende een bereken word.

- Voltooi die volgende:

$$B = E + L$$

- (a)  $1\ 800 = 800 + \dots$   
 (b)  $650 = \dots + 420$   
 (c)  $890 = 240 + \dots$   
 (d)  $\dots = 830 + 560$

### 3.1.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
Bestuurs-, Verbruiker- en Finansiële Kennis en Vaardighede Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.
Assesseringstandaarde(ASe)
Ons weet dit as die leerder:
3.1 tussen finansiële begrippe onderskei wat in die sakewêreld gebruik word (bv. vaste bates, bedryfsbates, laste, eienaarsbelang);
3.2 leiers- en bestuurstrategieë wat 'n opbrengs uit beleggings sal verseker ontwikkel;
3.3 brondokumente (bv. kwitansies, depositostrokies, tjeks) kan invul en rekord hou van elementêre kontanttransaksies in 'n staat van ontvangste en betalings;
3.4 toetsbordvaardighede en funksietoetse gebruik om basiese inligting te ontwikkel, te bewaar en te herwin;
3.5 die begrip netto waarde verduidelik en ontleed 'n staat daarvan;
3.6 die verskillende metodes om te spaar ondersoek en te belê (bv. spaarrekenings, vaste deposito's, aandele, effektetrusts), en bereken opbrengste uit 'n verskeidenheid beleggings.

Table 3.4

## 3.2 Leierskap en bestuurstrategiee om wins te verseker<sup>2</sup>

### 3.2.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 3.2.2 Graad 8

#### 3.2.3 BESTUURS-, VERBRIUKERS- EN FINANSIELLE KENNIS EN VAARDIGHEDE

#### 3.2.4 Module 11

#### 3.2.5 Leierskap en Bestuurstrategieë om Wins te verseker

#### 3.2.6 AKTIWITEIT 1:

Om die term *wins* te verduidelik en toe te pas

		LU 3.2		

Table 3.5

##### Die aard van wins

Wins kan gesien word as die verskil tussen 'n onderneming se inkomste en uitgawes.

Dit is die oorskot van inkomste wat verdien is bo die uitgawes wat aangegaan is om die inkomste voort te bring.

Enige persoon wat 'n onderneming begin se hoofdoelwit is om maksimum wins te realiseer. Hierdie wins kan gesien word as die eienaar se vergoeding vir die gebruik van sy kapitaal. Die wins wat hy maak, moet beduidend meer wees as die rente wat hy sou verdien indien hy hierdie geld in die bank sou belê.

Dit is dus belangrik dat die onderneming op so 'n manier bestuur word dat 'n goeie opbrengs op die eienaar se kapitaalbelegging in sy onderneming verseker word.

##### Die bepaling van wins

Ten einde die wins te bepaal, word sekere inligting omtrent die onderneming benodig. Dit word verkry uit 'n staat wat gewoonlik aan die einde van die finansiële jaar opgestel word. Die staat bevat die inkomste wat gedurende 'n sekere periode verkry is, asook die uitgawes wat aangegaan is om die inkomste voort te bring. Hierdie staat word 'n Inkomstestaat genoem.

Vir winsbepalingsdoeleindes kan ondernemings volgens die aard van hul aktiwiteite, in twee hoofgroepe verdeel word naamlik:

- diensondernemings; en
- handelsondernemings

**Diensondernemings** lever 'n diens en verkry sodende 'n inkomste, byvoorbeeld haarkappers, loodgieters, droogsloonmaakondernemings, mediese praktisyns, tandartse, ensovoorts.

**Handelsondernemings** koop handelsware aan en verkoop dit teen 'n hoër bedrag as die aankoopprys om sodende 'n wins te maak.

Die wins van hierdie ondernemings kan deur 'n eenvoudige aftreksom bepaal word, naamlik:

- Wins = Inkomste – Uitgawe
- Verduidelik in jou eie woorde wat jy onder die term wins verstaan:

<sup>2</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m24994/1.1/>>.

### 3.2.7 AKTIWITEIT 2:

Om strategieë vir die versekering van goeie wins op opbrengs te bespreek

	LU 3.2			

**Table 3.6**

Goeie leierskap en bestuurstrategieë sal daarop gerig wees om die onderneming se uitgawes so laag as moontlik te hou en terselfdertyd maksimum inkomste te realiseer.

Dit kan onder ander gedoen word deur streng kontrole oor uitgawes soos telefoon, water en elektrisiteit, vervoerkoste, skryfbehoeftes en advertensies uit te oefen. Dié uitgawes moet maandeliks vergelyk word en indien daar 'n beduidende afwyking voorkom, moet die oorsaak opgespoor en reggestel word.

Terselfdertyd moet gepoog word om die inkomste so hoog as moontlik te hou.

In die geval van 'n diensonderneming moet uitmuntende diens te alle tye gelewer word omdat tevrede kliënte die beste advertensie vir enige onderneming is.

By handelsondernemings moet die laagste moontlike aankoopprys en die hoogste moontlike verkoopprys beding word. By die bepaling van die verkoopprys moet ondernemings wat in dieselfde produkte handel dryf se verkooppryse in aanmerking geneem word.

'n Kleiner winsgrens op die korttermyn kan moontlik 'n meer standhoudende wins op die langtermyn verseker.

Die waarde van advertensies en bemarkingsveldtogte moet nie onderskat word nie. Aangesien dit egter baie duur kan wees moet die voordeel daarvan teen die koste opgeweeg word.

Leierskap en bestuurstrategieë wat gerig is op die verkryging van goeie opbrengste moet ingestel wees op die korttermyn, maar ook die toekoms van die onderneming oor die langtermyn in aanmerking neem. Die primêre doelwit is dus om 'n redelike wins te verdien en 'n gesonde finansiële toestand in die onderneming te handhaaf.

Groepsopdrag:

- Verdeel 'n vel karton in twee en plak tydskrifprente van diensondernemings aan die een kant en handelsondernemings aan die ander kant. Kies een diensonderneming en een handelsonderneming op jou plakkaat en skryf punte neer wat die bestuur by elkeen in ag moet neem om goeie wins op hul opbrengs te verseker.

### 3.2.8 AKTIWITEIT 3:

Om transaksies op te teken en eienaarsbelang en wins te bereken

	LU 3.2			

**Table 3.7**

- Voltooi die tabel op die volgende bladsy met behulp van die inligting hieronder.

## Transaksies van Dixon Droogskoonmakers, eienaar D. Dixon.

1 D. Dixon het 'n besigheid begin met die naam, Dixon Droogskoonmakers, deur R50 000 in die onderne-  
ming se lopende bankrekening te deponeer.

- 2 Betaal die munisipaliteit per tjek 001 vir 'n handelslisensie, R500.
  - 3 Huur 'n gebou van Ena Eiendomme en betaal per tjek 002, R1 000.
  - 4 Koop 'n afleveringsvoertuig van Rennie Motors en betaal per tjek 003, R52 000.
  - 5 Koop skryfbehoeftes aan van Skryfbehoeftes Bpk. en betaal per tjek 004, R70.
  - 6 Reik tjek 005 uit aan Skoonmaak Materiaal Verspreiders vir skoonmaakkriteriaal, R500.
  - 7 Kontant ontvang vir dienste gelewer volgens kasregisterrol, R3 520.
  - 8 Betaal die telefoonrekening aan Telkom per tjek 006, R180.
  - 9 Reik tjek 007 uit aan Elkie Handelaars vir toerusting aangekoop, R15 000.
  - 10 Betaal die munisipaliteit R600 per tjek 008 vir water en elektrisiteit.
  - 11 Wissel kontanttjek 009 vir R900 vir die betaling van lone.
  - 12 Kontant ontvang vir dienste gelewer volgens kasregisterrol, R2 100.
  - 13 Koop 'n industriële droogskoonmaakmasjien vir die lewering van dienste vanaf Industrial Bpk. en betaal per tjek 010, R3 000.
  - 14 Kontant ontvang vir verhuring van 'n gedeelte van die gebou, R2 500.

Tabel vir boekstawing van Dixon Droogskoonmakers se transaksies

  - (a) Toon aan wat die effek van die transaksies op die bates en eienaarsbelang sal wees.
  - (b) Bepaal die totale inkomste.
  - (c) Bepaal die totale uitgawes.
  - (d) Bereken die wins.

(a)	NOMMER	BATES	EIENAARSBELANG	
				(b)
				(c)
				(d)

**Table 3.8**

### 3.2.9 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
Bestuurs-, Verbruiker- en Finansiële Kennis en Vaardighede Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.
Assesseringstandaarde(ASe)
Ons weet dit as die leerder:
3.1 tussen finansiële begrippe onderskei wat in die sakewêreld gebruik word (bv. vaste bates, bedryfsbates, laste, eienaarsbelang);
3.2 leiers- en bestuurstrategieë wat 'n opbrengs uit beleggings sal verseker ontwikkel;
3.3 brondokumente (bv. kwitansies, depositostrokies, tjeks) kan invul en rekord hou van elementêre kontanttransaksies in 'n staat van ontvangste en betalings;
3.4 toetsbordvaardighede en funksietoetse gebruik om basiese inligting te ontwikkel, te bewaar en te herwin;
3.5 die begrip netto waarde verduidelik en ontleed 'n staat daarvan;
3.6 die verskillende metodes om te spaar ondersoek en te belê (bv. spaarrekenings, vaste deposito's, aandele, effektetrusts), en bereken opbrengste uit 'n verskeidenheid beleggings.

**Table 3.9**

### 3.3 Voltooiing van brondokumente<sup>3</sup>

#### 3.3.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 3.3.2 Graad 8

#### 3.3.3 BESTUURS-, VERBRUIKERS- EN FINANSIËLE KENNIS EN VAARDIGHED

#### 3.3.4 Module 13

#### 3.3.5 Voltooiing van Brondokumente

##### 3.3.5.1 AKTIWITEIT 1:

Om die soorte brondokumente vir boekstowing en hul gebruikte op te noem

	LU 3.3			

**Table 3.10**

<sup>3</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25003/1.1/>>.

By die boekstowing van rekeningkundige transaksies word gebruik gemaak van brondokumente. Hierdie dokumente verskaf die inligting wat benodig word om transaksies in die boeke aan te teken. Dit dien ook as bewys dat die transaksies plaasgevind het.

By **kontanttransaksies** word die volgende brondokumente gebruik:

- Tjekboekteenblaaisels by betaling deur middel van tjeks
- Kwitansies by ontvangs van kontant
- Kasregisterrol by kontantverkope
- Kontantfakteure by kontantaankope en kontantverkope
- Bankdepositostrokies by deponering van kontant in 'n bankrekening

By **krediettransaksies** word die volgende brondokumente gebruik:

- Kredietfakteure by kreditaankope van bates en handelsvoorraad asook by kredietverkope van handelsvoorraad.

**OPDRAG:**

- Versamel die volgende brondokumente:
  - Tjeks
  - Kwitansies
  - Fakteure
  - Bankdepositostrokies
- Plak die dokumente op A4-velle en dui aan vir watter tipe transaksie elke dokument gebruik word. Dui ook by elke soort dokument aan watter inligting op die betrokke dokument verskyn. Gebruik die voltooide opdrag vir jou portefeuilje.

### 3.3.5.2 AKTIWITEIT 2:

Om 'n depositostrokie as brondokument te kan gebruik

	LU 3.3			

**Table 3.11**

Kry 'n blanko depositostrokie by enige bank en voltooи dit met betrekking tot die volgende inligting:

Mnr. P. Tredoux is die eienaar van PT Dienste geleë by Napierstraat 12, Paarl. Op 1 Junie 2002 deponeer hy geld in die onderneming se lopende bankrekening. Dié rekening se nommer is 123-456-789.

Die deposito is soos volg saamgestel:

3 x R50-note

Nikkel ter waarde van R75.

G. Louw het 'n tjek geteken vir R2 000. Louw het 'n tjekrekening by ANB Bank in Ceres.

**AKTIWITEIT 3:**

Om kontantontvangstes te boekstaaf

		LU 3.3		

**Table 3.12**

Alle kontant wat in 'n onderneming ontvang word, word vir kontroledoeleindes in 'n joernaal aangeteken wat bekend staan as die **kontantontvangstejoernaal (KOJ)**.

Die volgende is tipes transaksies wat met die ontvangs van kontant gemoeid is:

1. Kontant wat die eienaar in die onderneming se bankrekening inbetaal as sy kapitaalbydrae
2. Kontantontvangste vir dienste gelewer
3. Huurinkomste wat ontvang word by die verhuring van 'n gebou of gedeelte daarvan.

Wanneer die eienaar kapitaal in die onderneming inbetaal, word 'n kwitansie aan hom uitgereik. Die **afskrif van hierdie kwitansie** word gebruik om 'n inskrywing in die KOJ te maak.

Die volgende inligting moet op die kwitansie verskaf word om 'n inskrywing in die KOJ te kan maak.

- Datum
- Kwitansienommer
- Die eienaar se naam
- Die bedrag wat hy inbetaal
- Rede waarvoor die geld inbetaal word

Die **afskrif van die bankdepositostrokie** wat voltooi word om die kapitaalbedrag direk in die onderneming se lopende bankrekening in te betaal, kan ook as brondokument gebruik word.

- Bestudeer die inskrywing in die KOJ (voorbeeld 1) wat aandui hoe so 'n transaksie geboekstaaf word.

**Op 1 Januarie 2003 betaal die eienaar J. Jolie R50 000 as kapitaalbydrae in 'n onderneming, met die naam Salon Jolie, se bankrekening.** (sien voorbeeld 1)

Inkomste vir dienste gelewer

Die geld wat 'n onderneming ontvang vir dienste gelewer (ook bekend as lopende inkomste) word gewoonlik met behulp van 'n kasregister ontvang en die kasregisterrol dien as rekord en brondokument. Dit kan ook in 'n faktuurboek aangeteken word en die afskrif van die kontantfaktuur sal dan dien as brondokument.

- **Die voltooide KOJ dui aan hoe die tipe transaksie geboekstaaf word** (sien voorbeeld 1).

- Salon Jolie se lopende inkomste vir Januarie is van die kasregisterrol verkry en lyk soos volg :

Jan. 4 R400

Jan. 10 R540

Jan. 15 R680

- Gebruik die blanko kontantontvangstejoernaal op die volgende bladsy (KOJ 3.3) om die onderstaande kontanttransaksies aan te teken.

- Voltooi totale in die kolomme.

Mnr. Peter Pipe stig 'n loodgietersonderneming met die naam, Pipe Loodgieters, en betaal R10 000 in die onderneming se lopende bankrekening in as kapitaal, op 1 Julie 2002. Gedurende Juliemaand het hy loodgieterdienste gelewer en die volgende verdien aan lopende inkomste.

5 Julie R1 500

15 Julie R2 000

25 Julie R1 800

### 3.3.6 Voorbeeld 1

#### 3.3.6.1 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN SALON JOLIE – JANUARIE 2003

Dok.	Dag	Beson-	Ferhede	Ontleding	Bank	Lopende inkomste			Diverse rekeninge		Bedrag	Fol.	Besonderhede
Depositostrokie		J. Jolie			50 000	00					50 000	00	Kapitaal
KR	4	Dienste gelewer		400 00	400 00	400 00							
KR	10	Dienste gelewer		540 00	540 00	540 00							
KR	15	Dienste gelewer		680 00	680 00	680 00							
				51 620	00	1 620	00				50 000	00	

Table 3.13

**3.3.6.2 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN ..... –  
..... 20.....KOJ 3.3**

Dok.	Dag	Beson-	Ferhede	Ontleding	Bank	Lopende inkomste			Diverse rekeninge		Bedrag	Fol.	Besonderhede

Table 3.14

**3.3.6.3 AKTIWITEIT 4:**

Om kontantbetalings te boekstaaf


Table 3.15

Die onderneming beskik oor 'n lopende bankrekening waarin alle ontvangstes betaal word en waaruit alle betalings deur middel van tjeks gedoen word. Alle kontantbetalings word in 'n joernaal aangeteken wat die kontantbetalingsjoernaal genoem word (KBJ). Sien voorbeeld 2.

Dit is noodsaklik om alle kontantbetalings in die KBJ aan te teken om sodoende aan die einde van die maand te bepaal hoeveel geld gedurende die maand uitbetaal is.

Die tjekteenblad of afskrif van die tjek dien as brondokument. Die volgende inligting moet op die tjekteenblad verskaf word om 'n inskrywing in die KBJ te doen.

- Naam van die begunstigde aan wie die tjekbetaling gedoen is
- Datum waarop die betaling plaasvind
- Aard van die betaling (waarvoor)
- Bedrag van die betaling

#### OPDRAG 1: Tjek en KBJ

- Voltooi die tjekvorm en KBJ op die volgende bladsy (KBJ 3.4.1) deur gebruik te maak van die volgende inligting met betrekking tot Pipe Loodgieters:

1. Op 2 Julie 2003 word tjek 009 aan TJ Motors betaal vir 'n afleweringsvoertuig van R50 000 (Voltooi die ingeslotte blanko tjek).
2. Tjek 010 word op 5 Julie uitgereik vir R850 aan Pipes a Plenty. Die betaling is vir die aankoop van loodgieterbenodigdhede.
3. Tjek 011 word betaal aan TJ Motors vir brandstof ter waarde van R200 op 10 Julie.
4. Skryfbehoeftes ter waarde van R150 word aangekoop van Kantoorvoorsieners en per tjek betaal op 15 Julie. (Nommer van hier af die tjeks self).
5. Huuruitgawe van R200 word aan ABC Verhuring betaal op 30 Julie.

#### 3.3.7 Voorbeeld 2

##### 3.3.7.1 KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN SALON JOLIE – JANUARIE 2003

Dok.	Datum	Naam van be- gun- stigde	Fol.	Bank	Materiaal- koste	Huuruit- gawes			Diverse rekening			Besonderhede
									Bedrag	Fol.		
1001	2	Minolta Voor- sien.		5 000	00				5 000	00		Toerusting
1002	3	Eksklusiewe Eien- domme		2 500	00		2 500	00				
1003	5	Laria		250	00	250	00					
1004	10	Oggendnuus		300	00				300	00		Advertensie
				8 050	00	250	00	2 500	00		5 300	

Table 3.16

##### 3.3.7.2 KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN ..... ..... 20.....KBJ 3.4.1

Dok.	Datuin van be- gun- stigde	Naam Fol.	Bank	Materiaal- koste	Huuruit- gawes			Diverse rekeninge	
								Bedrag	Fol.
									Besonderhede

**Table 3.17****3.3.7.3 Tjek****OPDRAG 2: – KOJ en KBJ**

- Teken die volgende transaksies van Doringkloof Droogsloonmakers vir Mei 2003 in die ingeslote KOJ en KBJ aan. (KOJ 3.4.1 en KBJ 3.4.2)
- Transaksies

2003

Mei 1 Die eienaar, AL Moore, betaal R90 000 in die onderneming se bankrekening as kapitaalbydrae.

Mei 2 Tjek word uitgereik aan Dinki Winkels ter waarde van R340 vir skryfbehoeftes aangekoop.

Mei 3 Betaal R1 500 per tjek aan Solani Eiendomme vir huur van die gebou.

Mei 11 Koop toerusting ter waarde van R10 000 , en verbruikbare materiaal vir skoonmaakdoeleindes vir R2 000 van Umlazi Winkels en betaal per tjek.

Mei 17 Ontvang geld vir dienste gelewer ter waarde van R500.

Mei 19 Koop 'n afleweringsvoertuig van Bell Motors en betaal R45 000 per tjek.

Mei 22 Ontvang geld vir droogsloonmaakdienste, R650.

Mei 30 Reik tjek ter waarde van R1 500 uit aan Dry and Clean vir skoonmaakmateriaal.

- Sluit die joernale af deur die totale van die kolomme op te tel.

	LU 3.3			

**Table 3.18****OPDRAG 3 – KOJ en KBJ**

- Gebruik die onderstaande transaksies en voltooi die ingeslote KOJ 3.4.2 en KBJ 3.4.3 vir Junie 2003 van die onderneming, Pienaar Dienste.
- Junie 2003

1 Die eienaar, F. Pienaar, deponeer sy kapitaalbydrae van R100 000 in die lopende bankrekening wat in die onderneming se naam geopen is. 'n Afskrif van die bankdepositostrokie word as brondokument gebruik.

2 Trek tjek nommer 122 vir R300 ten gunste van die Doringkloof Munisipaliteit vir water en elektrisiteit. Betaal R2 100 per tjek aan Van Winkels vir verpakkingsmateriaal aangekoop.

3 Betaal R1 500 per tjek aan Balie Bpk. vir die versekeringspremie van die onderneming ter waarde van R1 000 en vir die persoonlike versekeringspremie van die eienaar wat R500 beloop.

4 Koop materiaal van KJ Voorsieners vir R6 000 en betaal per tjek. Koop skryfbehoefte aan van Stan's Skryfbehoeftehandelaar en reik tjek ter waarde van R140 daarvoor uit.

5 Koop toerusting ter waarde van R5 000 van Klawer Bpk. en betaal per tjek.

6 Ontvang R400 kontant vir dienste gelewer.

7 Betaal Donald Winkels R2 500 per tjek vir 'n gedeelte van 'n gebou wat by hom gehuur word. Wissel 'n tjek van 'n gebou wat by hom gehuur word. Wissel 'n tjek vir die week se lone R1 000.

10 Kontant ontvang vir dienste gelewer, R4 700.

15 Betaal herstelwerk aan die onderneming se afleweringsvoertuig deur 'n tjek ter waarde van R540 aan Kirstein Garage uit te reik.

18 Kontant ontvang vir dienste gelewer, R500.

Ontvang R1 000 van A.S. Dienste vir die verhuring van 'n gedeelte van die gebou. Kwitansie 008 word aan A.S. Dienste uitgereik.

	LU 3.3		

**Table 3.19**

#### OPDRAG 4 – KOJ en KBJ

- C. Roux begin 'n diensonderneming op 1 Maart 2003 met die naam Carien Haarsalon. Die transaksies vir Carien Haarsalon vir Maart 2003 word hieronder gegee.
- Voltooï KOJ 3.4.3 en KBJ 3.4.4 op die gegewe antwoordveld en sluit dit af deur die kolomtotale te bepaal.
- Maart 2003

1 C. Roux deponeer R120 000 in die onderneming se lopende bankrekening as kapitaalbydrae.

2 Betaal die munisipaliteit R750 per tjek 001 vir 'n handelslisensie.

3 Koop skryfbehoefte van AT Handelaars vir R105.

4 Koop 'n gebou van Devon Eiendomme om die besigheid in te bedryf en betaal die bedrag van R80 000 per tjek.

7 Betaal 'n tjek aan Krige Kabinetmakers vir rakke en kaste geïnstalleer teen R4 500.

8 Wissel 'n kontanttjek vir lone, R500.

9 Koop haarsorgmiddels van Henka Voorsieners teen R318 en betaal per tjek.

11 Haardroërs en ander elektriese toerusting word aangekoop van Hairdo Voorsieners. Reik 'n tjek ter waarde van R800 aan hulle uit.

15 Koop skryfbehoefte van Eksteen Handelaars en betaal per tjek, R250.

18 Koop 'n motorvoertuig van Maxi Motors vir R26 000 vir gebruik in die besigheid en betaal per tjek.

20 Ontvang 'n telefoonrekening van Telkom en reik 'n tjek uit ter betaling van die rekening R194.

21 Kontant ontvang vir dienste gelewer volgens die kasregisterrol, R1 976.

24 Koop addisionele toerusting van Gie Winkels en betaal R3 200 per tjek.

25 Reik 'n tjek ter waarde van R500 uit aan Goudkop Versekeraars. R150 is vir die eienaar se persoonlike versekering en die res is vir die besigheid se versekering.

26 Ontvang die rekening vir water en elektrisiteit van die munisipaliteit vir R350. Betaal dit per tjek.

30 Kontant ontvang vir dienste gelewer volgens die kasregisterrol, R2 945.

	LU 3.3		

Table 3.20

#### OPDRAG 5: KOJ en KBJ

- Voltooii KOJ 3.4.4 en KBJ 3.4.5 aan die hand van die volgende gegewens:
- Op 1 Augustus 2003 begin die eienaar, P. Naidoo, 'n onderneming met die naam, Petty Prokureursdienste, met 'n kapitaalbydrae van R80 000. Kwitansie 01 word ten gunste daarvan uitgereik en die bedrag word in die onderneming se bankrekening inbetaal.
- Gedurende Augustus 2003 word die volgende tjeks uitgereik:

Datum	Tjekno.	Begunstigde	Betaling	Bedrag
Aug. 4	001	Gavin en Kie	Huur van gebou	R 750
Aug. 6	002	Munisipaliteit	Handelslisensie	R 520
Aug. 7	003	M.K. Bpk.	Toerusting	R 8 500
Aug. 10	004	AD Drukkers	Advertensie	R 500
Aug. 12	005	CA Boekwinkel	Skryfbehoeftes	R 550
Aug. 14	006	Jay Motors	Voertuig	R18 600
Aug. 16	007	M L Bpk.	Verbruikbare materiaal	R 7 500
Aug. 20	008	Jay Motors	Brandstof	R 300
Aug. 21	009	Kontant	Lone	R 560
Aug. 23	010	Munisipaliteit	Water en Elekt.	R 295
Aug. 24	011	AD Drukkers	Skryfbehoeftes	R 750
Aug. 26	012	P Naidoo	Persoonlike gebruik	R 600
Aug. 28	013	Kontant	Lone	R 780
	014	CL Cleaners	Verbruikbare materiaal	R 350
Aug. 29	015	Exclusive Clothing	Rok vir eienaar se vrou	R 920
Aug. 30	016	Jay Motors	Brandstof	R 250
	017	Kontant	Lone	R 520
	018	Telkom	Telefoon	R 160

Table 3.21

- Gedurende Augustus 2003 is die volgende bedrae ontvang vir dienste gelewer volgens duplikaatfakte. Al die bedrae is op die gegewe datums in die onderneming se bankrekening inbetaal.

Augustus 16 R2 900 Faktuurnummer 200

Augustus 24 R8 078 Faktuurnummer 201

Augustus 30 R8 954 Faktuurnummer 202

- Sluit die KOJ en KBJ aan en sluit af deur die totale te bereken.

		LU 3.3		

Table 3.22

**3.3.7.4 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN ..... -**  
**.....KOJ 3.4.1**

Dok.	Dag	Beson-	Fol.	Ontleding	Bank	Lopende inkomste			Diverse rekeninge			
									Bedrag	Fol.	Besonderhede	

Table 3.23

**3.3.7.5 KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN ..... -**  
**.....KBJ 3.4.2**

Dok.	Dag	Naam van be- gun- stigde	Fol.	Bank	Materiaal- koste	Huuruitgawe			Diverse rekeninge		
									Bedrag	Fol.	Besonderhede
continued on next page											


**Table 3.24**

**3.3.7.6 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN ..... -**  
**.....KOJ 3.4.2**

Dok.	Dag	Beschrijf	Fethered	Ontleding	Bank	Lopende inkomste			Diverse rekeninge			
									Bedrag	Fol.	Besonderhede	

**Table 3.25**

### **3.3.7.7 KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN ..... .....KBJ 3.4.3**

Table 3.26

### **3.3.7.8 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN ..... .....KOJ 3.4.3**

Table 3.27

**3.3.7.9 KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN.....**  
.....KBJ 3.4.4

Table 3.28

### **3.3.7.10 KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN ..... .....KOJ 3.4.4**

Table 3.29

### **3.3.8 KONTANTONTBETALINGSJOERNAAL VAN ..... - .....KBJ 3.4.5**

**Table 3.30**

### 3.3.9 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
Bestuurs-, Verbruiker- en Finansiële Kennis en Vaardighede Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.
Assesseringstandaarde(ASe)
Ons weet dit as die leerder:
3.1 tussen finansiële begrippe onderskei wat in die sakewereld gebruik word (bv. vaste bates, bedryfsbates, laste, eienaarsbelang);
3.2 leiers- en bestuurstrategieë wat 'n opbrengs uit beleggings sal verseker ontwikkel;
3.3 brondokumente (bv. kwitansies, depositostrokies, tjeks) kan invul en rekord hou van elementêre kontanttransaksies in 'n staat van ontvangste en betalings;
3.4 toetsbordvaardighede en funksietoetse gebruik om basiese inligting te ontwikkel, te bewaar en te herwin;
3.5 die begrip netto waarde verduidelik en ontleed 'n staat daarvan;
3.6 die verskillende metodes om te spaar ondersoek en te belê (bv. spaarrekenings, vaste deposito's, aandele, effektetrusts), en bereken opbrengste uit 'n verskeidenheid beleggings.

Table 3.31

## 3.4 Die netto waarde van die onderneming en die rekeningkundige vergelyking<sup>4</sup>

### 3.4.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

### 3.4.2 Graad 8

### 3.4.3 BESTUURS-, VERBRUIKERS- EN FINANSIËLE KENNIS EN VAARDIGHED

### 3.4.4 Module 14

### 3.4.5 Die netto waarde van die onderneming en die rekeningkundige vergelyking

Aktiwiteit 1:

Om die eienaarsbelang van die onderneming te bereken

	LU 3.5		

<sup>4</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25006/1.1/>>.

**Table 3.32**

Indien die eienaar van 'n onderneming sou besluit om die onderneming te verkoop, sal die prys wat hy daarvoor vra verteenwoordigend wees van die nettowaarde.

Dit hang nou saam met die eienaarsbelang wat verwys na 'n belang van die eienaar in die bates van die onderneming. Die bates van die onderneming verteenwoordig waarde. Die eienaar van die onderneming kan aanspraak maak op dit wat oorby nadat die skuldeisers betaal is. Dit kan in die vorm van die basiese rekeningkundige vergelyking voorgestel word naamlik: Bates = Eienaarsbelang + Laste.

- Die firma, AJAX Handelaars, het die volgende bates:

Kontant in Bank R 580  
 Grond en Geboue R130 000  
 Meubels R 6 785  
 Kantoortoerusting R 7 800  
 Debiteure R 5 000  
 Afleweringsvoertuig R 50 000

- Die firma skuld die volgende bedrae:

Cumpen Boekwinkel R 8 400  
 CD Toerusting R 2 900  
 ELFI Meubels R 1 765

- Bereken die eienaarsbelang van AJAX Handelaars :

### 3.4.6 Aktiwiteit 2

Om die invloed van transaksies op die rekeningkundige vergelyking te bereken

		LU 3.5		

**Table 3.33**

In die sakewêreld word daaglik transaksies aangegaan. Dit is gebeurtenisse wat in terme van geld gemeet kan word. Hierdie transaksies, wat die oordrag van waarde is van een party na 'n ander, het altyd 'n invloed op die elemente van die rekeningkundige vergelyking.

TIPE TRANSAKSIE	INVLOED OP REKENINGKUNDIGE VERGELYKING
	<i>continued on next page</i>

<b>1</b> Kapitaalbydrae deur die eienaar	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <u>Bates +</u>Kontant in bank vermeerder</li> <li>• <u>Eienaarsbelang +</u>Kapitaal vermeerder</li> </ul>
<b>2</b> Onttrekking van kapitaal deur eienaar (neem van die onderneming se geld vir eie gebruik)	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>2</b><u>Bates -</u>Kontant in bank verminder</li> <li>• <u>Eienaarsbelang -</u>Onttrekkings vermeerder wat die kapitaal verminder.</li> </ul>
<b>3</b> Aankoop van bates vir kontant	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>3</b><u>Bate +</u>Bate wat aangekoop is bv. toerusting, voertuie, ens. vermeerder.</li> <li>• <u>Bate -</u>Kontant in bank verminder.</li> </ul>
<b>4</b> Betaal uitgawes soos telefoon, lisensie, water en ligte	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>4</b><u>Bate -</u>Kontant in bank verminder.</li> <li>• <u>Eienaarsbelang -</u>Uitgawe soos telefoon, huur, lisensie, ens. vermeerder, wat die wins van die eienaar verminder.</li> </ul>
<b>5</b> Ontvang geld vir dienste gelewer	<ul style="list-style-type: none"> <li>• <b>5</b><u>Bate +</u>Kontant in bank vermeerder</li> <li>• <u>Eienaarsbelang +</u>Inkomste vermeerder. Lopende inkomste vermeerder wat die eienaar se winste vermeerder.</li> </ul>

Table 3.34

## OPDRAG 1:

- Dui die invloed van die volgende transaksies in die tabel aan.
- 1 Die eienaar deponeer R5 000 in die onderneming se bankrekening.  
 2 Die onderneming koop toerusting vir kontant, R2 000.  
 3 Die onderneming ontvang diensgeld, R2 500.  
 4 Betaal kantoorhuur vir die maand, R1 000.  
 5 Die eienaar trek 'n ondernemingstjek vir sy eie gebruik, R200.
- Toon aan dat die rekeningkundige vergelyking steeds balanseer.

Table 3.35

LU 3.5

**Table 3.36**

## OPDRAG 2:

- Ontleed die onderstaande transaksies van Situ Handelaars volgens die kolomme in die onderstaande tabel:

1 Koop 'n gebou van Kalahari Bpk. en betaal per tjek R17 000.

2 Betaal Caledon Voorsieners per tjek vir skoonmaakmateriaal R163.

3 Die eienaar W. Wilmans deponeer addisionele kapitaal R5 000.

4 W. Wilmans trek 'n ondernemingstek om vir herstelwerk aan sy woonhuis te betaal R250.

5 Betaal R1 000 as huuruitgawe vir kantore.

6 Betaal R500 aan Eskom vir elektrisiteit.

## 7 Ontvang R850 vir dienste gelewer

•  $\text{O}_2$  - oxygen gas  
•  $\text{CO}_2$  - carbon dioxide gas

Table 3.37

LU 3.5

**Table 3.38**

### 3.4.7 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
<b>LU 3</b>
Bestuurs-, Verbruiker- en Finansiële Kennis en VaardighedeDie leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.

Ons weet dit as die leerder:
3.1 tussen finansiële begrippe onderskei wat in die sakewêreld gebruik word (bv. vaste bates, bedryfsbates, laste, eienaarsbelang);
3.2 leiers- en bestuurstrategieë wat 'n opbrengs uit beleggings sal verseker ontwikkel;
3.3 brondokumente (bv. kwitansies, depositostrokies, tjeks) kan invul en rekord hou van elementêre kontanttransaksies in 'n staat van ontvangste en betalings;
3.4 toetsbordvaardighede en funksietoetse gebruik om basiese inligting te ontwikkel, te bewaar en te herwin;
3.5 die begrip netto waarde verduidelik en ontleed 'n staat daarvan;
3.6 die verskillende metodes om te spaar ondersoek en te belê (bv. spaarrekenings, vaste deposito's, aandele, effektetrusts), en bereken opbrengste uit 'n verskeidenheid beleggings.

**Table 3.39**

## 3.5 Besparingsmetodes en berekening van opbrengs<sup>5</sup>

### 3.5.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 3.5.2 Graad 8

#### 3.5.3 BESTUURS-, VERBRIUKERS- EN FINANSIËLE KENNIS EN VAARDIGHEDE

#### 3.5.4 Module 12

#### 3.5.5 Besparingsmetodes en berekening van opbrengs

#### 3.5.6 Aktiwiteit 1:

Om besparings- en investeringsmetodes te bespreek en die opbrengs te bereken

LU 3.6			

**Table 3.40**

Besparing :

- Dit is die weerhouding van 'n gedeelte van jou inkomste van verbruik of besteding.

In plaas daarvan om jou totale inkomste oor 'n periode aan te wend vir die betaling of aankoop van goedere en dienste word 'n gedeelte teruggehou of gebêre.

Dit is belangrik dat daar in die beplanning van 'n gesin of onderneming se geldsake (begroting) voorsiening gemaak word vir besparing. Dit is nodig vir beplande, asook onvoorsiene uitgawes, wat mag voorkom.

Daar is verskeie metodes waarop hierdie geld gebêre kan word sodat dit terselfdertyd ook 'n opbrengs verdien. Dit kan by finansiële instellings in 'n spaarrekening gebêre word, waar dit rente verdien vir die eienaar.

<sup>5</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25011/1.1/>>.

Die rente word as 'n persentasie bereken wat kan verskil van bank tot bank. Dit is elke spaarder se verantwoordelikheid om sy geld te spaar waar hy die hoogste rente verdien.

Spaargeld kan ook in 'n vaste deposito belê word. Die geld word vir 'n langer tydperk teen 'n vaste rentekoers belê. Omdat die geld vir 'n langer tydperk deur die finansiële instelling gebruik kan word, is hulle bereid om hoër rente, as by 'n spaarrekening, te betaal. Hoe langer die beleggingstermyn, hoe hoër is die rente op 'n vaste deposito. Rente kan maandeliks, kwartaalliks, halfjaarliks, jaarliks of by verstryking van die beleggingstermyn ontvang word. Sodoende kan dit 'n gereelde inkomste verseker. Na afloop van die voorafbepaalde beleggingstermyn kan die spaarder besluit of hy sy vaste deposito wil beëindig of vir nog 'n periode wil belê.

Besparing is 'n voorvereiste vir investering.

Investering :

- **Wanneer geld in 'n ander onderneming belê word met die doel om wins daaruit te maak**  
byvoorbeeld die koop van aandele, noem ons dit investering.

Maatskappye verkry aandelekapitaal deur aandele van die maatskappy aan die publiek te verkoop. Deur aandele in 'n maatskappy te koop, kan jy 'n klein gedeelte van die maatskappy besit en sodoende in sy wins deel. Die deel van die wins wat aandeelhouers ontvang, staan bekend as dividende. Die houers van voorkeuraandele ontvang 'n vaste dividendpersentasie en geniet voorkeur bo ander aandeelhouers ten opsigte van dividende. Gewone aandeelhouers kom eers vir dividende in aanmerking nadat voorkeuraandeelhouers betaal is en daar word nie aan hulle 'n vaste dividendpersentasie betaal nie.

Daar is aandele waarvan die waarde (pryse) verhoog omdat die maatskappye, wat deur hulle verteenwoordig word, groei. Daar is ook aandele wat in waarde (prys) daal omdat dié maatskappye nie so winsgewend is nie.

Die kuns van investering in aandele en die koop en verkoop daarvan lê in die vermoë om aandele, wat later styg, teen 'n lae prys aan te koop en op die regte tyd ontslae te raak van aandele wat in waarde daal.

Daar is 'n groot risiko verbonden daaraan om al jou geld in een belegging te investeer. Indien jy al jou geld in byvoorbeeld goudaandele investeer en die prys sou skielik daal, kan dit ernstige finansiële implikasies meebring. Geld wat op vaste deposito belê is, het die risiko dat die rentekoers vir die belegging vas is. Enige verhoging in die rentekoerse gedurende jou beleggingstermyn sal dus vir jou geen voordeel inhoud nie.

As gevolg van sulke risiko's is dit raadsaam om in meer as een produk te investeer om die risiko's sodoende te versprei. Dit kan egter baie duur wees. Die oplossing daarvoor lê in investering in Effektetrusts. Dit is 'n investeringsmetode wat die gewone investeerder in staat stel om saam met ander investeerders hul geld in 'n verskeidenheid sekuriteite, byvoorbeeld aandele, skuldbriewe, kontant, ensovoorts, te belê wat dan 'n opbrengs van rente en/of dividendbetalings kan oplewer. Effektetrusts lewer 'n hoër opbrengs en 'n beter balans omdat dit 'n samestelling van dividende, rente en kapitaalgroei is.

Die berekening van opbrengste op verskillende besparingmetodes

- Rente is die prys wat betaal word vir die gebruik van iemand anders se geld.
- Rentekoers is die persentasie waarteen rente oor 'n tydperk bereken word.

OPDRAG :

- Versamel inligting oor rentekoerse van verskillende besparingsmetodes by verskillende banke en vergelyk dit deur die volgende vrae in die tabel te beantwoord.

1 Bereken die rente wat 'n persoon sal verdien indien hy R5 000 oor 'n tydperk van een jaar spaar.

2 Bereken die rente wat 'n persoon sal verdien indien hy R5 000 oor 'n tydperk van 18 maande spaar.

FINANSIELE IN- STELLING	BESPARINGSMETODE	RENTEOPBRENGS	
		1 JAAR	18 MAANDE

**Table 3.41**

	LU 3.6			

**Table 3.42**

### 3.5.7 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 3
Bestuurs-, Verbruiker- en Finansiële Kennis en Vaardighede Die leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas.
Assesseringstandarde(ASe)
Ons weet dit as die leerder:
3.1 tussen finansiële begrippe onderskei wat in die sakewêreld gebruik word (bv. vaste bates, bedryfsbates, laste, eienaarsbelang);
3.2 leiers- en bestuurstrategieë wat 'n opbrengs uit beleggings sal verseker ontwikkel;
3.3 brondokumente (bv. kwitansies, depositostrokies, tjeks) kan invul en rekord hou van elementêre kontanttransaksies in 'n staat van ontvangste en betalings;
3.4 toetsbordvaardighede en funksietoetse gebruik om basiese inligting te ontwikkel, te bewaar en te herwin;
<i>continued on next page</i>

3.5 die begrip netto waarde verduidelik en ontleed ‘n staat daarvan;
3.6 die verskillende metodes om te spaar ondersoek en te belê (bv. spaarrekenings, vaste deposito’s, aandele, effektetrusts), en bereken opbrengste uit ‘n verskeidenheid beleggings.

**Table 3.43**

# Chapter 4

## Kwartaal 4

### 4.1 Wat in 'n entrepreneur?<sup>1</sup>

#### 4.1.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 4.1.2 Graad 8

#### 4.1.3 ENTREPRENEURSKAP

#### 4.1.4 Module 15

#### 4.1.5 WAT IS 'N ENTREPRENEUR?

AKTIWITEIT 1:

Om die kenmerke van 'n entrepreneur te identifiseer en op onself toe te pas

	LU 4.2			

Table 4.1

- Lees die volgende verhaal van 'n suksesvolle entrepreneur.

#### BRON

“WERK JOU VINGERS TOT OP DIE BEEN”

“My sukses het gekom nadat ek my vingers tot op die been gewerk het en omdat ek nooit gulsig geraak het nie.”

Dit is die geheim van mnr. Leon Slabbert, eienaar van die *Cuyler Slagtery* in Uitenhage.

Na skool het hy 'n graad in personeelbestuur verwerf en daarna tien jaar in sy pa, Levi, se slaghuis gewerk.

“My pa is 'n perfeksionis en let altyd op netheid, gehalte en dienslewering.

Hy het my die fyn snitte geleer en alles wat ek ken. My dissipline het ek te danke aan hom,” sê Slabbert.

In Augustus 1988 het hy besluit wie nie waag nie, sal nie wen nie. Hy het sy huis en al sy besittings verkoop en die *Cuyler Slagtery*, wat in daardie stadium vuil en afgeleef was, gekoop.

<sup>1</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25013/1.1/>>.

Slabbert het gesukkel om lenings by banke te kry, want hy het nie versekering gehad nie. Sommige van sy skuldeisers was hom genadig, maar ander moes wag totdat hy genoeg geld gemaak het om hulle te betaal.

In die vroeë negentigerjare het die politiek in die land ook baie mense en ondernemings beïnvloed en Slabbert moes kop bo water hou ondanks dreigemente.

“In die eerste vyf jaar het ek vure doodgeslaan om my onderneming te laat asemhaal. Mededingers het dit ook nie vir my makliker gemaak om my onderneming te laat groei nie en ek moes alles insit om te oorleef,” sê Slabbert.

“Dit was moeilike jare. Ek het met drie personeellede begin en self my administrasie, die dagtake en versnitting en wors maak behartig en vloere geskrop.

“Ek het nie eens kontantvloei gehad vir kleingeld nie en ‘n vriend het vir my ‘n vrugmotor geleen om my vleis te vervoer. Ek wil nie eens praat van ‘n motor nie. Daar was nie geld vir brandstof nie en ek moes maar werk toe loop.

“My vrou, Wilhma, was die eienaar van ‘n haarsalon en het ook oortyd gewerk om die onderneming op die been te kry,” sê Slabbert.

Sy vrou is nou ‘n direkteur van die onderneming en besit ook aandele.

“Benewens die administrasie van die onderneming, doen ek alles van vloere was tot vleis sny.

“Ek was 18 jaar ‘n haarkapper en dit was vir my moeilik om op te hou daarmee, maar my man het my nodig gehad en ek het hom ondersteun,” sê sy.

Sy meen haar man is baie eerlik en reguit, hy het selfrespek en respek vir sy medemens.

“Dit is alles eienskappe wat hom ‘n sukses laat maak. Hy ken die vleisbedryf en as hy weet skaapvleis gaan aanstaande week goedkoper as vandeesweek wees, sal hy nie toelaat dat ‘n klant byvoorbeeld in die duurder week ‘n heel skaap koop nie,” sê sy.

Sy harde werk van die begin af was nie verniet nie en binne drie maande nadat hy die slaghuis oorgeneem het, het hy die omset van die vorige eienaar verdubbel. ‘n Jaar later het hy al sy skuld aan die bank en aan sy pa vereffen en steeds elke maand met ‘n skamele salaris oor die weg gekom.

“Een van die vernaamste redes waarom my onderneming ‘n sukses is, is omdat ek opreg met my klante is. Dan vertrou hulle jou. Ek is ook opreg met my personeel en betaal hulle goed.

“My oorskot het ek in my onderneming teruggeploeg en masjinerie, ‘n bakkie en groter yskaste gekoop,” vertel Slabbert.

Hy het ‘n huis kontant gebou en nooit weer skuld gemaak nie. In 1996 het hy sy eie gebou gekoop en verskaf nou werk aan 45 mense. In feestye het hy meer personeellede nodig, want daar is ‘n groot vraag na sy produkte.

“As jy na jou mense kyk, kyk hulle na jou. Ek kry van oor die land heen vleisaanbiedinge omdat my slaghuis so ‘n goeie naam het,” sê Slabbert.

Slabbert is nou besig om sy eie fabriek te bou om self vleis te verwerk. Hy verskaf reeds in groot maat aan supermarkte en slaghuise in die dorp asook aan ander kleiner winkels.

“Behalwe dat jy hare op jou tandé moet hê wanneer jy jou eie onderneming begin, is daar ook ander faktore wat in ag geneem moet word. Dit help nie werklik om geld te leen nie, want die skuld verdubbel met die rente wat jy moet betaal.

“Ek sou aan beginners voorstel om ‘n besigheid te begin met ‘n groot belegger wat hulle vertrou. Die ander uitweg as jy nie geld het nie, is om soos ek klein te begin. Om kleiner te begin, is moeiliker, maar aan die einde van die dag is jy jou eie koning.”

(Bron: *Die Burger*, 5 Julie 2003)

Skryf vyf redes neer hoekom Slabbert suksesvol was, en wat met sy persoon te doen het. Gee ‘n voorbeeld by elke rede.

Klasbespreking

- Bespreek mekaar se lyste en stel gesamentlik ‘n lys saam van tien eienskappe waарoor ‘n entrepreneur behoort te beskik. Doe dit as rofwerk (jou eie papier), bespreek dit met jou onderwyser, en skryf die finale lys in die tabel hieronder neer.

	[U+F034]
1.	
2.	
3.	
4.	
5.	
6.	
7.	
8.	
9.	
10.	

**Table 4.2**

Gebruik nou die tabel om jouself as moontlike entrepreneur te evalueer. Maak 'n regmerkie in die regterkantste kolom by die kenmerke wat jy reeds by jouself waargeneem het. Gee jouself 'n punt uit tien.

#### 4.1.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
Entrepreneurskennis en VaardighedeDie leerder is in staat om entrepreneurs-kennis, -vaardighede en -houdings te ontwikkel.
Assesseringstandaarde(ASe)
Ons weet dit as die leerder:
4.1 finansiële instansies en organisasies wat entrepreneurskap bevorder, kan identifiseer;
4.2 verskillende idees om 'n besigheid te begin, kan bespreek (insluitend idees om toeriste te lok en konsessiemodelle);
<i>continued on next page</i>

4.3 tussen die vorme van eienaarskap in die informele en formele sektore kan onderskei (alleeneienaarskap, beslote korporasie);
4.4 die finansiële lewensvatbaarheid van 'n besigheid kan evaluateer (bv. aanvangskoste, produksiekoste, verkope en wins); en
4.5 'n besigheidsaktiwiteit wat aankope, vervaardiging en bemarking behels, onderneem (behoort die finansiering van die besigheid met eie of geleende geld in te sluit – bv. oortrokke bankfasiliteite).

**Table 4.3**

## 4.2 Waar kom 'n besigheidsidee vandaan?<sup>2</sup>

### 4.2.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

### 4.2.2 Graad 8

### 4.2.3 ENTREPRENEURSKAP

### 4.2.4 Module 16

### 4.2.5 WAAR KOM 'N BESIGHEIDSIDEE VANDAAN?

AKTIWITEIT 1:

Om 'n besigheidsidee te identifiseer en te beskryf

	LU 4.2					LU 4.3			

**Table 4.4**

- Kies enige bestaande besigheid in jou omgewing en verskaf inligting oor die besigheid in terme van die opskrifte hieronder. Jy sal dit waarskynlik nodig vind om byvoorbeeld met die eienaar of bestuurder te gesels om die nodige inligting te bekom.
1. Naam:
  2. Eienaar:
  3. Hoofproduk(te) wat verkoop word of diens wat gelewer word:
  4. Waar die produk(te) vandaan kom of vervaardig word:
  5. Wat benodig word vir die daarstelling van die produk of levering van die diens:
- Om 'n besigheidsidee te vind:
- Die inligting wat jy oor die besigheid wat jy gekies het, verskaf het, dui daarop dat die volgende altyd op 'n besigheid van toepassing is en dus in ag geneem moet word wanneer 'n besigheidsidee oorweeg word:
- 'n Bepaalde produk (of versameling produkte) of diens moet aangebied word.
  - Die vervaardiging of verkryging van die produk(te), of levering van die diens moet volgehou kan word.
  - Daar moet kopers wees wat die produk(te) of diens wil hê en daarvoor kan betaal.

<sup>2</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25014/1.1/>>.

Kreatiewe denke is 'n vereiste. 'n Entrepreneur boots nie na nie, maar doen iets nuuts of doen iets wat reeds bestaan, beter.

Entrepreneursaksies kan in verskillende groepe verdeel word. Die volgende is 'n breë indeling waarbinne verdere onderverdelings gemaak sou kan word:

- Iets wat reeds bestaan en volop beskikbaar is, kan vir iets anders gebruik word (*nuwe doel*). Iemand het byvoorbeeld besluit om baksteenreste wat nie meer vir messelwerk geskik is nie by persele waar bouwerk aan die gang is, op te koop en vir plaveiwerk te gebruik teen 'n prys waarteen ander plavei-ondernemers nie kon kompeteer nie. Dit was 'n groot sukses.
- Iets wat reeds bestaan, kan verander om verbetering teweeg te bring (*verbetering*). Die ontwikkeling van die mikrovlokkie ('microchip') in rekenaartegnologie is 'n goeie voorbeeld, asook die verkleining van reuserekenaars wat 'n vertrek volgestaan het na persoonlike rekenaars ('desktops') en later na skootrekenaars ('laptops'). 'n Heel ander voorbeeld is waar 'n winkeleienaar besluit om te diversifiseer deur sy produkreeks uit te brei. Hy verbeter dus sy dienslewering.
- Iets nuuts kan ontwikkel word wat iets wat reeds in die mark beskikbaar is heeltemal vervang (*vervanging*). Plastieklense vir brille is byvoorbeeld besig om glaslense te vervang.

Dink nou self aan voorbeelde en skryf hulle kortlik neer:

Nuwe doel

Verbetering

Vervanging

OPDRAG:

Besin oor 'n besigheid wat jy graag binne die volgende maand sou wou begin en wat in terme van die bogenoemde drie punte lewensvatbaar behoort te kan wees. Dit kan iets wees wat jy by die skool bedryf of gedurende naweke.

Doen navorsing en beskryf die idee volledig. Maak eers rowwe notas en skryf die finale poging neer. Doen dit deeglik, want jy gaan hierdie idee vir die res van die module gebruik.

My besigheidsidee:

Produk of diens (dui aan of dit 'n nuwe doel, verbetering of vervanging is)

Vervaardiging en/of verkryging

Die mark (wie gaan koop, hoekom, en hoekom hulle dit sal kan bekostig)

Bemarkingstrategie

#### 4.2.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
Entrepreneurskennis en VaardighedeDie leerder is in staat om entrepreneurs-kennis, -vaardighede en -houdings te ontwikkel.
Assesseringstandaarde(ASe)
<i>continued on next page</i>

Ons weet dit as die leerder:
4.1 finansiële instansies en organisasies wat entrepreneurskap bevorder, kan identifiseer;
4.2 verskillende idees om 'n besigheid te begin, kan bespreek (insluitend idees om toeriste te lok en konsessiemodelle);
4.3 tussen die vorme van eienaarskap in die informele en formele sektore kan onderskei (alleeneienaarskap, beslote korporasie);
4.4 die finansiële lewensvatbaarheid van 'n besigheid kan evalueer (bv. aanvangskoste, produksiekoste, verkope en wins); en
4.5 'n besigheidsaktiwiteit wat aankope, vervaardiging en bemarking behels, onderneem (behoort die finansiering van die besigheid met eie of geleende geld in te sluit – bv. oortrokke bankfasiliteite).

**Table 4.5**

### 4.3 Hoe lewensvatbaar is my besigheid?<sup>3</sup>

#### 4.3.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 4.3.2 Graad 8

#### 4.3.3 ENTREPRENEURSKAP

#### 4.3.4 Module 17

#### 4.3.5 HOE LEWENSVATBAAR IS MY BESIGHEID?

AKTIWITEIT 1:

Om die finansiële lewensvatbaarheid van die besigheidsidee te bepaal

	LU 4.4			

**Table 4.6**

Ons het tot nou toe gekyk na die besigheidsidee in terme van die produk, die vervaardiging en verkryging daarvan, die mark (die kopers) en die wyse waarop ons die kopers gaan laat koop (bemarkingstrategie). Nou moet ons egter seker maak dat die idee wel *finansieel* lewensvatbaar is. '*n Besigheid is slegs 'n besigheid as dit wins maak.* Dit beteken dat ons ons produk of diens nie teen 'n verlies moet verkoop nie en dat die gelykbreekpunt (die getal items of dienskontrakte wat ons moet verkoop om gelyk te breek) realisties haalbaar is.

- Om dit te kan doen, moet ons na die volgende kyk:

- die verkoopprys;
- die koste direk verbonde aan die daarstelling van die produk of diens;

<sup>3</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25015/1.1/>>.

- die kostes wat aangegaan moet word om die besigheid te laat funksioneer (bv. vervoer en bemarking).

### Die verkoopprys

Die verkoopprys word eers voorlopig bepaal deur marknavorsing. Daar word met die navorsing vasgestel watter soortgelyke produkte of dienste bestaan en wat hulle kos.

#### Die koste van die produk

‘n Produk kan nie maklik sonder enige uitgawes daargestel word nie. Selfs as byvoorbeeld fonteinwater getap en verkoop word, kos die houers (bottels) geld.

#### Bedryfskoste

Bedryfskostes sluit enigets in wat nodig is om die besigheid aan die gang te hou, soos vervoer, salarisse, bemarking, posgeld, telefoongeld, ensovoorts.

Kom ons doen ‘n berekening om die lewensvatbaarheid van ‘n bepaalde besigheidsidee te bepaal. Gestel ons gaan worsrolletjies by ‘n atletiekbyeenkoms verkoop. Dit is ‘n klein byeenkoms en ons reken ons sal 100 rolletjies verkoop. Ons doen navorsing en besluit dat R6,00 ‘n aanvaarbare prys is. Die worsies kos R3,00 elk en die broodjies R0,60 elk. Die souse vir 100 rolletjies kos R25,00. Ons stel vas dat ons ‘n stalletjie sal moet huur teen R50,00 en dat ons 20 plakkate teen R8,00 elk nodig sal hê om die stalletjie te bemark.

Ons berekening lyk dan soos volg:

Verkope	100 worsrolletjies @ R6,00 elk	R600,00
Produukkoste	100 worsrolletjies @ R2,75 elk, en sous @ R25,00	R300,00
<b>Brutowins as eerste aanduider (verkope min produkkoste)</b>		R300,00
Bedryfskoste	Stalletjie @ R50,00 en 20 plakkate @ R8,00 elk	R210,00
<b>Operasionele wins</b>		R 90,00

**Table 4.7**

Dit lyk dus asof die besigheid winsgewend sal wees. Die verkoopprys soos voorlopig na aanleiding van die markaanduiders bepaal, kan dus so bly. As die berekening nie op ‘n wins uitgekom het nie, sou ons kon oorweeg het om die verkoopprys opwaarts aan te pas.

Daar is egter belangrike toetse wat nog gedoen moet word om te verseker dat die projek wel lewensvatbaar is: ons moet bepaal waar die gelykbreekpunt lê vir ingeval ons nie ons teiken van 100 rolletjies haal nie. Die volgende belangrike berekeninge kan vir hierdie doel uit hierdie syfers gemaak word:

#### 1. Die brutowins as persentasie van verkope

$$\begin{aligned} \frac{\text{BRUTOWINS}}{\text{VERKOPE}} &\times \frac{100}{1} \\ &= \frac{R300,00}{R600,00} \times \frac{100}{1} \\ &= 50\% \end{aligned}$$

#### 2. Minimumverkope om gelyk te breek

$$\begin{aligned} &\frac{\text{BEDRYFSKOSTE}}{\text{BRUTOWINS}} \\ &= \frac{R210,00}{5} \\ &= R420,00 \end{aligned} \tag{4.1}$$

#### 3. Minimum getal eenhede wat verkoop moet word om gelyk te breek

$$\begin{aligned} &\frac{\text{BEDRYFSKOSTE}}{\text{BRUTOWINS/EENHEID}} \\ &= \frac{R210,00}{R3,00} \\ &= 70 \text{ eenhede} \\ \text{OPDRAG:} \end{aligned} \tag{4.2}$$

Bepaal die finansiële lewensvatbaarheid van jou besigheidsidee deur die bogenoemde stappe aan die hand van jou gegewens uit te voer.

#### AKTIWITEIT 2:

Om die verskillende soorte eienaarskap van besighede te bespreek

	LU 4.3		

**Table 4.8**

Wanneer jy beplan om 'n besigheid te begin, moet jy besluit aan wie die besigheid gaan behoort.

Daar is hoofsaaklik vier opsies: jy as individu kan die eienaar wees, of jy kan 'n beslote korporasie stig, of jy kan 'n maatskappy stig, of jy kan 'n konsessie opneem.

**Opsie 1: Jy aanvaar eienaarskap as individu**

Jy kan die besigheid in jou persoonlike hoedanigheid besit. Dit beteken dat jy as persoon

- belas word op enige winste van die besigheid (maksimum 40%), en
- aanspreeklik gehou word vir skuld wat deur die besigheid gemaak word (wat beteken dat jy jou besittings kan verloor indien die besigheid die skuld nie kan vereffen en uiteindelik nie oorleef nie).

Jy kan ook ander mense nooi om mede-eienaars te word, maar dit is gevaarlik omdat daar maklik misverstande of spanning in die bestuur van die besigheid kan ontstaan.

**Opsie 2: Jy stig 'n beslote korporasie**

In hierdie geval word jy lid van die korporasie en word jou eie bates beskerm. Jou aanspreeklikheid vir enige skulde van die korporasie oorskry nie die hoeveelheid kapitaal wat jy bygedra het nie. Verder is die belasting vasgestel op 30%, wat heelwat minder is as in die geval van 'n individu. Jy kan ook ander mense toelaat as lede, wat beteken dat jy geldelike steun bykry en ook nie heeltemal alleen staan nie. Aangesien 'n beslote korporasie in terme van 'n bepaalde wet funksioneer, word die belang van al die lede beskerm. Die boeke van die BK moet deur 'n geoktrooieerde rekenmeester gedoen word. Daar kan 1 – 10 lede wees.

Die naam van 'n beslote korporasie eindig altyd met BK, bv. *Laserdienste BK*.

**Opsie 3: Jy stig 'n private maatskappy**

'n Maatskappy word in terme van 'n bepaalde wet bestuur en daar moet aan 'n hele reeks vereistes voldoen word wat nie vir 'n beslote korporasie geld nie. Daar moet 'n direksie wees en die name van die direksielede moet aan die Publieke Registrateur van Maatskappye beskikbaar gestel word. Volledig geouditeerde jaarstate moet ook jaarliks ingedien word. Verder is daar voorskrifte vir die hou van algemene vergaderings. Al hierdie vereistes maak die stig en bestuur van 'n maatskappy duur.

Die naam van 'n privaat maatskappy eindig met (Edms.) Bpk.

**Opsie 4: Jy neem 'n konsessie op (franchise)**

'n Konsessie hou baie voordele vir die individu in. Hy kry 'n eie besigheid, maar geniet die steun van die groep en deel in voordele soos die aankoop van voorrade teen laer pryse, resepte wat reeds getoets is soos in die geval van 'n restaurant, ens.

Bekende name soos *SPAR* en *7-Eleven* is voorbeeld van konsessies.

Die volgende berig uit *Die Burger* oor iemand wat 'n suksesvolle besigheid op 'n konsessiebasis begin het, illustreer die voordele van hierdie opsie.

#### BRON

#### VAN VLOERE SKROP TOT RESTAURANTEIENAAR

Nellie Brand

Me. Jessica July is die enigste swart eienaar van 'n *Juicy Lucy*-winkel in die Wes-Kaap.

Verlede jaar, toe sy die winkel oorgeneem het, was sy die enigste swart eienaar in die land van 'n *Juicy Lucy*-winkel. Dié sakevrou wat nog verlede jaar gesukkel het om 'n banklening te kry om haar *Juicy Lucy*-winkel, in die Kenilworth-winkelsentrum te koop, wil binnekort nog twee van die winkels koop.

July, wat in Guguletu gebore is, word as 'n teksboekgeval beskou van iemand wat met niks begin het nie en nou 'n klein onderneming besit wat winsgewend is.

July is vandeesmaand as die entrepreneur van die maand deur *Business Partners*, 'n instansie wat in entrepreneurs belê; aangewys. Die organisasie het haar gehelp om finansiering te kry toe sy nie by banke kon regkom nie.

July, wat 27 jaar gelede as 'n "kombuishulp" by *Juicy Lucy* begin werk het, het in 2001 die geleentheid gekry om die Kenilworth-winkel van haar voormalige werkgewers te koop. Sy het 10 jaar daar gewerk en selfs die winkel bestuur.

Sy sê die Here het Colleen en Jeremy Chennells, wat wou hê sy moet die winkel by hulle koop, na haar gestuur. "Met hulle het die ligte begin groen raak," vertel sy.

Sy het toe reeds aandele in die onderneming gehad. Haar grootste probleem was egter om finansiering te kry om die onderneming te koop.

Sy meen ook sy is 'n toonbeeld van wat mense uit voorheen benadeelde gemeenskappe kan bereik as hulle wil. Sy kon destyds ná sy matriek geslaag het nie ander werk kry nie. Sy sê mense moet besef dit hang van hulself af wat hulle in die lewe wil bereik.

Nadat sy as ma van twee op 22 jaar by die eerste konsessiehouer van *Juicy Lucy* in Kaapstad begin werk het, het sy van vloere skrop en skottelgoed was binne 'n paar jaar gevorder tot assistent-bestuurder en is toe na bestuurder bevorder.

Dit was ook haar taak om nuwe *Juicy Lucy*-winkels te open en vir 'n maand te bestuur tot hul sake in orde was. Een van haar groot prestasies was toe sy in 1985 as bestuurderes R5 000 gewen het vir die winkel wat die vinnigste groei getoon het asook vir die skoonste winkel met die beste diens.

Van haar klante is gereelde besoekers wat haar op haar voornaam ken. Sy bestuur haar winkel self en werk steeds in die pruimkleurige geruite *Juicy Lucy*-bestuurderuniform. Op die koperetiket op haar bors staan Jessica July, bestuurder.

July meen dit is haar betrokkenheid by haar winkel as bestuurder wat haar sukses verseker. "Ek is deel van die personeel," sê sy. Dit is ook een van haar wenke aan winkeleienaars – "moenie by die huis sit nie, bestuur eerder die plek self."

Volgens haar het die winkel die afgelope twee jaar 'n 22 %-groeи in omset getoon. Sy verskaf werk aan ses permanente werkers en twee afloswerkers.

July, het nou nog twee winkels in die oog. Sy is amper so lank by *Juicy Lucy* as wat die kettinggroep oud is en wat in 1973 bekendgestel is as 'n gesonder alternatief vir kitskosrestaurante.

Sy sê sy het nie gedink sy sal ooit 'n *Juicy Lucy* besit nie.

(Bron: *Die Burger*, 3 Julie 2003)

VRAE:

1. Noem die voordele wat 'n BK aan 'n entrepreneur bied.
2. Verduidelik hoekom dit voordelig mag wees om 'n konsessie te neem as jy 'n besigheid wil begin. Noem ook een moontlike nadeel.

#### 4.3.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
<i>continued on next page</i>

Entrepreneurskennis en VaardighedeDie leerder is in staat om entrepreneurs-kennis, -vaardighede en -houdings te ontwikkel.
Assesseringstandaarde(ASe)
Ons weet dit as die leerder:
4.1 finansiële instansies en organisasies wat entrepreneurskap bevorder, kan identifiseer;
4.2 verskillende idees om 'n besigheid te begin, kan bespreek (insluitend idees om toeriste te lok en konsessiemodelle);
4.3 tussen die vorme van eienaarskap in die informele en formele sektore kan onderskei (alleeneienaarskap, beslote korporasie);
4.4 die finansiële lewensvatbaarheid van 'n besigheid kan evalueer (bv. aanvangskoste, produksiekoste, verkope en wins); en
4.5 'n besigheidsaktiwiteit wat aankope, vervaardiging en bemarking behels, onderneem (behoort die finansiering van die besigheid met eie of geleende geld in te sluit – bv. oortrokke bankfasiliteite).

**Table 4.9**

## 4.4 Hoe finansier ek my besigheid?<sup>4</sup>

### 4.4.1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

#### 4.4.2 Graad 8

#### 4.4.3 ENTREPRENEURSKAP

#### 4.4.4 Module 18

#### 4.4.5 HOE FINANSIER EK MY BESIGHEID?

##### AKTIWITEIT 1:

Om die finansiering van 'n besigheidsidee te bespreek

	LU 4.1		

**Table 4.10**

Jy het nou 'n besigheidsplan vir jou besigheidsidee ontwikkel en dit lyk asof alles goed gaan uitwerk. Maar het jy al gedink oor waar jy die geld gaan kry om die produkontwikkeling te finansier tot tyd en wyl die verkope begin geld inbring?

##### OPDRAG:

1. Kyk weer na die artikel in Aktiwiteit 1 van Module 15. Skryf neer hoe Slabbert sy onderneming gefinansier het en wat sy raad aan ander entrepreneurs is.

2. Doen navorsing om vas te stel watter instansies Slabbert sou kon genader het vir ondersteuning. Wenk: dink verder as banke; die Regering in Suid-Afrika ag die ontwikkeling van klein besigheide as baie belangrik.

<sup>4</sup>This content is available online at <<http://cnx.org/content/m25016/1.1/>>.

#### 4.4.6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 4
Entrepreneurskennis en VaardighedeDie leerder is in staat om entrepreneurs-kennis, -vaardighede en -houdings te ontwikkel.
Assesseringstandaarde(ASe)
Ons weet dit as die leerder:
4.1 finansiële instansies en organisasies wat entrepreneurskap bevorder, kan identifiseer;
4.2 verskillende idees om 'n besigheid te begin, kan bespreek (insluitend idees om toeriste te lok en konsessiemodelle);
4.3 tussen die vorme van eienaarskap in die informele en formele sektore kan onderskei (alleeneienaarskap, beslote korporasie);
4.4 die finansiële lewensvatbaarheid van 'n besigheid kan evalueer (bv. aanvangskoste, produksiekoste, verkope en wins); en
4.5 'n besigheidsaktiwiteit wat aankope, vervaardiging en bemarking behels, onderneem (behoort die finansiering van die besigheid met eie of geleende geld in te sluit – bv. oortrokke bankfasiliteite).

Table 4.11

## Attributions

Collection: *Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Graad 8*

Edited by: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/col11039/1.1/>

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Die historiese ontwikkeling van geld"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24950/1.1/>

Pages: 1-5

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Handels- en ekonomiese probleem"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24952/1.1/>

Pages: 6-10

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Ekonomiese stelsels"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24953/1.1/>

Pages: 11-14

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Vakbonde"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24959/1.1/>

Pages: 14-16

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Inflasie"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24957/1.1/>

Pages: 16-19

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Aanloop tot die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24970/1.1/>

Pages: 21-25

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Die nasionale begroting, groei en ekonomiese ongelykhede"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24971/1.1/>

Pages: 25-27

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Besparing en investering"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25000/1.1/>

Pages: 27-29

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Gebruik van tegnologie"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25001/1.1/>

Pages: 30-32

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Bates, laste en eienaarsbelang"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24998/1.1/>

Pages: 33-36

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Leierskap en bestuurstrategiee om wins te verseker"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m24994/1.1/>

Pages: 37-40

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Voltooiing van brondokumente"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25003/1.1/>

Pages: 40-54

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Die netto waarde van die onderneming en die rekeningkundige vergelyking"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25006/1.1/>

Pages: 55-59

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Besparingsmetodes en berekening van opbrengs"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25011/1.1/>

Pages: 59-62

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Wat in 'n entrepreneur?"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25013/1.1/>

Pages: 63-66

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Waar kom 'n besigheidsidee vandaan?"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25014/1.1/>

Pages: 66-68

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Hoe lewensvatbaar is my besigheid?"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25015/1.1/>

Pages: 68-72

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

Module: "Hoe finansier ek my besigheid?"

By: Siyavula Uploaders

URL: <http://cnx.org/content/m25016/1.1/>

Pages: 72-74

Copyright: Siyavula Uploaders

License: <http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/>

## About Connexions

Since 1999, Connexions has been pioneering a global system where anyone can create course materials and make them fully accessible and easily reusable free of charge. We are a Web-based authoring, teaching and learning environment open to anyone interested in education, including students, teachers, professors and lifelong learners. We connect ideas and facilitate educational communities.

Connexions's modular, interactive courses are in use worldwide by universities, community colleges, K-12 schools, distance learners, and lifelong learners. Connexions materials are in many languages, including English, Spanish, Chinese, Japanese, Italian, Vietnamese, French, Portuguese, and Thai. Connexions is part of an exciting new information distribution system that allows for **Print on Demand Books**. Connexions has partnered with innovative on-demand publisher QOOP to accelerate the delivery of printed course materials and textbooks into classrooms worldwide at lower prices than traditional academic publishers.